**BETOOG GELEWER OP 'N PREEK DEUR DR LEMMER DU PLESSIS**

Titel: Die Wet en die Sabbat

- Video 1: Deel 1 (Dr Lemmer du Plessis)
- Video 2: Deel 2 (Dr Lemmer du Plessis)

**INLEIDING**

In die uur lange preek (sien 2 skakels hierbo) raak Dr du Plessis aan meer as 44 verskillende punte wat op een of ander manier die 7de dag Sabbat waarheid beinvloed. Hierdie betoog is daarom verdeel in 44 punte wat elke deel van Dr du Plessis se preek dek. Elk van hierdie punte, waar dit in die video voorkom, se begintyd en eindtyd word aangetoon en is ook uitgetik, geblok en in swart uitgelig.

Die leser met 'n leerbare gees moet hierdie studie biddend aanpak en stadig en sorgvuldig deurwerk. Dit is raadsaam om elke Skrifverwysing in die Bybel na te slaan asook elke video skakel deur te kyk om die volledige antwoord op elke punt in geheel te dek. Netso het elke prent en illustrasie baie inligting en moet die prente se inhoud ook deeglik deurgewerk word.

Mag jy 'n ryke seën ontvang soos jy met God se woord omgaan in jou soeke na volle waarheid.

1. 00:00:40-00:00:50
 "God het aan die volk van Israel by die berg Sinai die 10 Gebooie, of Dekaloog, gegee. Die 10 Woorde van God geskrywe met die vinger van God op tafels van klip"

Die 10 Gebooie is *God se wil* wat van ewigheid tot ewigheid is. *God se wil* was reeds in Genesis van krag en deur die eet van die verbode vrug het die mens die morele wet van God verbreek. Selfs voor die skepping was die morele wet van God 'n werklikheid. Satan is uit die hemel uitgewerp omrede hy God se wil/wet oortree het.

Die feit dat God die 10 Gebooie vir die volk Israel gegee het beteken nie die wet was nie geldig voor daardie tyd nie. Adam en Eva, hulle kinders en alle geslagte daarna was bekend met God se wil. Almal was onderheuwig aan God se wil – nie net die volk van Israel nie.

Die feit dat God die 10 Gebooie vir die volk Israel gegee het beteken nie dat die wet net van toepassing was (en is) op *die volk Israel*, nie. God het die volk Israel uitverkies om Sy karakter van liefde aan hul te demonstreer en ook Sy wil en wet aan hulle voor te lê om God se wil te doen en Hom lief te hê en ook hul medemens lief te hê as 'n natuurlike uitlewing van God se wet/wil. Regdeur die Ou Testament het God die volk Israel die instruksie gegee om hul geloof uit te leef teenoor die ander heidense volke as 'n voorbeeld van wat ware lewe is. Hulle moes deur die uitleef van die Goddelike wette 'n lamp en 'n lig wees teenoor die ander nasies om sodoende die ander heidense nasies te beinvloed om God se liefde deelagtig te word en ook Sy wil uit te leef.

Om te sê die 10 Gebooie, of Dekaloog was **net bedoel** vir die volk van Israel is 'n verkeerde verstaan en 'n verkeerde interpretasie.

Die 10 Woorde van God is geskrywe met die vinger van God op tafels van klip. Dink daaroor na hoe verskriklik spesiaal dit is dat God <u>self</u>, in Sy eie handskrif, die 10 Gebooie opteken. Daar is oor die 31 000 verse in die Bybel. Slegs sowat 15 daarvan is deur God self neergeskryf. Dit is verseker bedoel nie netvir die volk van Israel nie maar universeel vir elke lewende wese.

Kan ons werklik vandag se predikers ernstig opneem wat sê dat hierdie feit onbenullig is. Hulle sê: "ja God het dit geskryf, met Sy eie vinger, in Sy eie handskrif, op klip (wat toon hoe permanent dit is),

maar nee, dit is slegs vir die volk van Israel van toepassing en ook slegs vir 'n beperkte tyd..." Liefdevol-getroue Christen gelowige – glo jy dit regtig?

Liefdevol-getroue Christen gelowige: Is daar van hierdie 10 Gebooie wat jy wel onderhou? Steel jy? Moor jy? Gebruik jy God se naam ydelik? Het jy ander gode voor die Verlosser God van Israel? Doen jy dit nie? Of, probeer jy om dit nie te doen nie? Hoekom? Dis omrede die Gees van God jou van sonde oortuig en omrede jy weet dat die verbreking van die 10 Gebooie wetteloosheid is, netsoos 1 Joh 3:4 sonde definieer. Hoekom dan redeneer ons oor die 10 Gebooie/ oor die wil van God asof dit nie toepaslik is in die getroue Christen gelowige se lewe nie?

2. 00:00:50- 00:01:07
"Die 10 Gebooie was op twee aparte kliptafels geskrywe. Die eerste kliptafel het die vertikale verhouding van Israel met God bepaal. Die tweede kliptafel het die horisontale onderlinge verhouding tussen die volk uitgespel"

Die 10 Gebooie is baie baie dieper en meer betekenisvol as wat die moderne gelowige daarvoor erkenning gee. Ja, die eerste vier Gebooie beskryf die vertikale verhouding met God en die laaste ses Gebooie beskryf die horisontale verhouding met ons medemens uit. Jesus het dit perfek kom opsom toe Hy op die vraag antwoord oor watter gebod die grootste oorkoepelende een is. "*En Jesus antwoord hom: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.*" (Mat 22:37-39). Kyk mooi na Jesus se antwoord. Gee Jesus hier 'n nuwe gebod of gee Hy 'n perfekte opsomming oor die eerste vier Gebooie (liefde teenoor God) en die laaste ses Gebooie (liefde teenoor ons naaste)?

Dink mooi daaroor na: Is die 10 Gebooie net van toepassing op die volk van Israel of het Jesus se opsomming van die 10 Gebooie dit 'n bevel kom maak vir die Nuwe Testamentiese gelowige (alle stamme, volke en nasies) om ook te onderhou? Jesus het immers die Fariseer se vraag beantwoord. Dit is immers 'n bevel uit Jesus (God) se mond. Indien ons Jesus liefhet (sien Joh 14:15) sal ons daarom ook hierdie antwoord aan die Fariseer sien as 'n instruksie vanaf God, en sal ons daarop fokus deur ons te bekeer van ons verkeerde verstaan en optrede, dit te glo en dit in God se krag uitlewe as deel van ons Godgegewe roeping tot getuie van Sy koningskap in ons lewens, maw, daardeur sout en lig te wees in 'n immorele donker wêreld.

3. 00:01:57-00:02:17
"…daaruit (uit die Sabbat gebod) leer ons ook onmiddelik dat die Sabbat die 7de dag is en gelykstaande is aan ons Saterdag. Die Jode vier die Sabbat van die Vrydag aand sonsondergang tot Saterdagaand sonsondergang."

Laat dit van die begin af duidelik wees dat alhoewel dit die Joodse volk was wat die lig ontvang het (by Sinai berg) en die lamp draers was wat hierdie waarheid deur die eeue saamgebring het tot met Jesus se tyd is dit vandag nie net die Jode wat die 7de dag Sabbat (netsoos in die 4de Gebod opgeskryf staan) onderhou nie. Regdeur die geskiedenis vanaf Jesus se tyd tot en met die hede was daar 'n getroue handjievol gelowiges (die ware Oorblyfsel van die ware geloof) wat die Sabbat Gebod ook onderhou het, en wat dit steeds vandag onderhou. Dit is 'n navorsbare feit dat gelowiges vanaf Jesus se tyd die Sabbat bly onderhou het sonder onderbreuking. Die verdraaiing van hierdie waarheid het die kerke ingesluip sobyso dat dit as onsinnig beskou word deur meeste gelowiges. Dit bly egter 'n volslae feit. Het gelowiges die Sabbat bly onderhou vanaf Jesus se tyd? (Klik hierdie skakel)

4. 00:02:44-00:02:54
“…hierdie wette was voorskriftelik vir die volk van Israel. God het dit vir hulle gegee”

In punt 1 en punt 2 is hierdie punt reeds aangeraak. God het wel die wette vir die volk Israel gegee. Die 10 Gebooie (morele wette) was as verbonds bepalings gegee waardeur Israel hulle woord gegee het om gehoorsaam te wees aan God om Sy verbondsvolk te kan wees (sien Gen 19:5-6).

God se verbond bepalings is egter nie aan Israel gegee om net vir hulself te hou nie. Lees Jes 56:1-7, asook in ander gedeeltes. Israel was veronderstel om 'n skynende lamp te wees aan ander nasies. God het die plan van verlossing, die 10 Gebooie, en die belofte van 'n komende Messias (as die Saad van Abraham) aan die volk Israel toevertrou om ‘n lewende getuie daarvan te wees teenoor alle nasies. God het dit aan die volk Israel gegee om dit aan elke aardbewoner te gee. Die vraag is, wat maak ons nou met hierdie Lig? Is ons beter Ligdraers as die volk Israel van ouds…?

5. 00:02:55-00:04:26
“Daar was drie redes waarom God die wet aan die volk van Israel gegee het. Die wet het ‘n drievoudige doelwit: 1. Om mense van sonde te oortuig (Rom 3:20)… 2. Om mense skuldig te verklaar wanneer hulle die gebooie oortree het (Rom 3:19)… 3. Sodat die wet die volk kon straf wanneer Israel oortree het (Gal 3:23)..”

Voor ons na die doel of redes kyk waarom God die wet aan die mens (deur Israel) gegee het moet ons kyk wat bedoel word met die woord “wet”.

Die volgende illustrasie wys wat Paulus *in Romeine* met die woord “wet” bedoel binne die verskillende kontekste waarin die woord gebruik word:




In die Joodse volk se denkwyse, ten tye van Jesus se koms, is die wet (of Torah) (1) die Wet van Moses (die eerste 5 boeke van die Ou Testament), (b) Die Profete en (c) Die Psalms. Jesus gee die mees volledige beskrywing van wat “die wet” behels in Luk 24:44: “*En Hy [Jesus] sê vir hulle: Dit is die woorde wat Ek met julle gespreek het toe Ek nog by julle was, dat alles wat oor My geskrywe is in die wet van Moses en die profete en die psalms, vervul moet word.*”

Die linkerkantse arm van bostaande illustrasie wys die wet wat in die gewete van elke mens leef en die regterkantse arm wys die wet (soos in God se Woord opgeteken) se verskillende *onderafdelings* of *verdelings*.

**Die fokus van hierdie skrywe** is om op “Die Wet van Moses” te konsentreer want dit is waar baie misverstand heers en baie misinterpretasies en misleidings voorkom.

Die eerste 5 boeke van die Ou Testament word as "Die Wet van Moses" bestempel. Alles wat God vir die volk van Israel in hierdie 5 boeke gegee het beskou die Jode as 'n soliede eenheid, gepen deur Moses, as Goddelike opdragte tot 'n effektiewe en 'n geseënde lewe.

Wanneer ons egter die Skrif van naby beskou kan ons wel agterkom dat Die Wet van Moses wel *onderverdelings* het. Hierdie onderverdelings sien ons byvoorbeeld waar Moses aan die einde van sy lewe die volk toespreek in Deuteronómium 4:13-14. Moses kyk terug na die gebeure wat by Sinai sowat 40 jaar gelede plaasgevind het en sê: "*Toe het Hy [die HERE] aan julle sy verbond verkondig wat Hy julle beveel het om te doen, die tien woorde, en dit op twee kliptafels geskrywe. <u>Ook</u> het die Here my in dié tyd bevel gegee om julle die insettinge en verordeninge te leer, dat julle dit kan doen in die land waarheen julle oortrek om dit in besit te neem*"

Hierdie verse wys duidelik dat daar twee klasse wette aan die volk by die berg Sinai gegee is:

1. God het "…*sy verbond verkondig*…*die 10 woorde*…" (die 10 Gebooie of Morele wet)
2. Ook het die HERE aan Moses "…*insettinge en verordeninge*…" gegee.

In 'n Verdere voorbeeld sien ons hoe Dawid die verskillende dele in die wet noem in Psalm 119:1-7

"*WELGELUKSALIG is die opregtes van weg, wat in **<u>die wet</u>** (TORAH) van die Here wandel.*
*Welgeluksalig is die wat sy **<u>getuienisse</u>** bewaar, Hom van ganser harte soek;*
*ook geen ongeregtigheid doen nie, maar in sy weë wandel.*
*Ú het u **<u>bevele</u>** gegee om dit trou te onderhou.*
*Ag, was my weë maar vas om u **<u>insettinge</u>** te onderhou!*
*Dan sal ek nie beskaamd staan as ek op al u **<u>gebooie</u>** let nie.*
*Ek sal U loof in opregtheid van hart as ek u regverdige **<u>verordeninge</u>** leer…"*

In hierdie sewe verse sien ons hoe Dawid die TORAH (Die Wet/eerste vyf boeke van die Ou Testament) verdeel in vyf verdelings:

1. Getuienisse
2. Bevele
3. Insettinge
4. Gebooie
5. Verordeninge

In nog 'n verdere voorbeeld sien ons dat hierdie wetverdeling bekend was aan die profeet Daniël wanneer hy ernstig tot God bid en namens die volk Israel bely dat hulle gesondig en verkeerd gedoen het: "…*ons het gesondig en verkeerd gedoen en goddeloos gehandel en in opstand gekom en van **<u>u gebooie</u>** en **<u>verordeninge</u>** afgewyk*." Dan 9:5

Hierdie vers wys weereens duidelik dat daar twee klasse wette aan die volk gegee is:

1. "…*u gebooie*…" (die 10 Gebooie of Morele wet)
2. "…*verordeninge*…"

Reeds in Genesis 2 sien ons dat die HERE 'n onderskeid maak aan die morele wette en instruksies wat Hy aan die *mens* gee:

1. In Gen 2:16-17 gee die HERE aan Adam Sy ***<u>morele wet</u>***: "…*En die Here God het aan die mens **<u>bevel</u>** gegee en gesê: Van al die bome van die tuin mag jy vry eet…*"
2. Eers *<u>nadat</u>* die mens sondig gee die HERE beide Sy ***<u>verordeninge</u>*** (Gen 3:14-19) en dan Sy ***<u>insettinge</u>*** (Gen 3:21) aan die mens.

Die HERE herhaal hierdie Genesis patroon by die berg Sinai wanneer Hy Sy verbond met die verloste volk Israel sluit (Sien Gen 19-40).


Volg ons die gebeure by die berg Sinai stap vir stap sien ons die volgende patroon tevoorskyn kom:

1. Die HERE spreek **self** Sy ***morele wet*** hoorbaar tot die volk (Eks 20:1-17)
2. Die HERE gee slegs aan Moses sekere ***voorskrifte*** wat Moses self moet opskryf in 'n wetboek, en aan die volk oordra en leer (Eks 20:24-26)
3. Die HERE gee slegs aan Moses al die ***verordeninge*** wat Moses self moet opskryf in 'n wetboek, en aan die volk oordra en leer (Eks 21, 22, 23)
4. Eers **nadat** die volk gesondig het (die goue kalf episode), nadat straf aangekondig is (Eks 32:26-29; Eks 32:33-35; Eks 33:1-4), nadat God Sy heerlikheid aan Moses toon (Eks 34:5-7), nadat die verbond weer herbevestig is (Eks 34:10-17), en nadat die Tabernakel volledig gebou en ingerig is (Eks 35, 36, 37, 38, 39, 40) kom die HERE en spreek Hy *vanuit* die nuut geboude Tabernakel tot Moses en gee Hy sy ***insettinge*** (seremoniele wette/ offergawes & feeste) asook verdere sedewette en ook gesondheids wette.

Dit is dus duidelik dat "die wet" wel verdelings het. Die drie vernaamste verdelings is die ***morele wet***, ***insettinge*** en ***verordeninge***. 'n Vierde verdeling is ***gesondheids wette***.

Die belangrike vraag nou om te vra is: Wanneer die woord "wet" in die Nuwe Testament aangehaal word waarna word werklik verwys? Verwys dit na die morele wet, na insettinge, na verordeninge, of na 'n kombinasie van die verskillende wet verdelings? Slegs die konteks van die hoofstuk beantwoord hierdie belangrike vraagstuk.

Die drie vernaamdste verdelings van die wet kan as volg geillustreer word:




Die Verbondsbepalings wat God aan die volk Israel by Sinai voorgehou het is die volgende:

1. Die Morele Wet in ***tien Woorde*** (anders gestel: Die 10 Gebooie)

2. Die Morelete Wet in ***Verordeninge*** (anders gestel: Siviele Wette)
3. Insettinge in ***Seremoniele Wette*** (anders gestel: Die kultuur vd volk in offergawes en feeste)

Wanneer die Nuwe Testament na "die wet" verwys moet die leser baie fyn oplet om te bepaal watter verdeling na verwys word want byvoorbeeld in Kolossense 2:14 word verwys na een van hierdie wetlike verdelings wat wel "…*uitgedelg en weggeruim*..." is. Ook bevestig Hebreers 7:18 van die "…*opheffing van die voorafgaande gebod weens die swakheid en nutteloosheid daarvan*…" Watter wetverdeling is dus uitgedelg, weggeruim, opgeheg?

Aan die ander kant is daar gedeeltes in die Nuwe Testament wat die wet verhef as ewig, as heilig, regverdig, goed, en nie swaar nie (Matt 5:17-18, Rom 7:12, 1 Tim 1:8, 1 Joh 5:3)

- Die twee verdelings van "die wet" wat in die Nuwe Testament na verwys word is die ***Morelete wet*** (die 10 Gebooie) wat as ewig, heilig, regverdig, goed beskryf word. Die ander verdeling is die ***Seremoniele Wette*** wat beskryf word as uigedelg, weggeruim, aan die kruis genael, swak en nutteloos.

Hierdie twee hoof verdelings van "die wet" word regdeur die Bybel self verdeel. Bestudeer die spesifieke Skrif gedeeltes wat na elk van die verdelings verwys in die **volgende illustrasie**:




**Wanneer die verdeling in "die wet" goed en deeglik bestudeer is en verstaan is kan ons eers kyk na die doel en redes waarom God "die wet" aan die mensdom (deur die volk van Israel) gegee het.**

*<u>Sekere verdelings</u>* van die wet was slegs van toepassing op die volk van Israel en *<u>ander weer van toepassing op die HELE mensdom</u>*. So watter verdeling is steeds van krag vir die hele mensdom en watter was net vir die volk van Israel gewees?

1. **Die Morele Wette**: IS STEEDS GELDIG VIR ***<u>ELKE</u>*** BELEIDE GELOWIGE: Dit is die 10 Gebooie, geskryf DEUR GOD SELF op twee kliptafels - Liefde, Onveranderlik, die Waarheid, en vir ewig vas. Deur die Nuwe Testamentiese verbond skryf God Sy wette op die gelowige se hart deur ons gemeenskap/samewerking met die Heilige Gees.
2. **Seremoniele Wette**: IS UITGEDIEN - Hierdie wette is deur God aan Moses gegee en is bedoel net vir die volk van Israel om deur skadu wette hulle te laat vertrou in 'n toekomstige Gesalfde (Jesus) wat sou kom en die feeste en die offers kom vervul. Moses het hierdie wette in 'n boekrol geskryf. Jesus Christus het met Sy vrywillige kruisdood hierdie wette laat beeindig. Hierdie is die *'wet van die dood'*, ook die *'wet van beskuldigings'* wat aan die kruis '*vasgenael*' is.
3. **Siviele Wette**: IS UITGEDIEN – Hierdie was landswette wat God daargestel het (verordeninge) wat van toepassing was terwyl God die Israeliete deur Moses en die Regters gerig het.
4. **Gesondheidswette**: STEEDS GELDIG VIR ELKE BELEIDE GELOWIGE - God het vir ons hierdie wette gegee wat ons moet aanwend sodat ons liggame optimaal kan funksioneer as die woonplek (Tempel) van die Heilige Gees.

Die drie genoemde redes waarom God "die wet" aan die volk van Israel gegee het kan uit die Skrif afgelei word. Die genoemde punte is korrek maar is 'n kliniese koue beskouing van God se wil/wet/hart. Soos in <u>punt 1</u> hierbo reeds genoem is die 10 Gebooie baie baie dieper, en meer betekenisvol as wat die moderne gelowige daarvoor erkenning gee.

Wat is 'n beter beskrywing van die redes waarom die HERE "die wet" aan die mensdom (deur die volk Israel) gegee het?

*Die groot beginsels van "die wet" van God is in die Tien Gebooie beliggaam en in die lewe van Christus self uitgeleef. Die Tien Gebooie is 'n uitdrukking van die liefde, van die wil en die oogmerke van God aangaande menslike gedrag en verhoudinge en is op alle mense in elke eeu bindend.*

*Hierdie Gebooie maak die grondslag uit van God se verbond met Sy volk en is die maatstaf waarvolgens God oordeel. Met behulp van die Heilige Gees wys hierdie Gebooie sonde uit en wek hulle die besef van 'n behoefte aan 'n Verlosser op.*

*Verlossing is geheel en al uit genade en nie weens werke nie, maar sy vrugte is gehoorsaamheid aan die Gebooie. Hierdie gehoorsaamheid ontwikkel 'n Christelike karakter en gee aanleiding tot 'n gevoel van welsyn/geluk/veiligheid.*

*Die onderhouding van die 10 Gebooie is 'n bewys van ons liefde vir die Here en ons belangstelling in ons medemens. Geloofsgehoorsaamheid demonstreer die krag van Christus om lewens te vernuwe en dus versterk dit die Christelike getuienis.*

*[Eks 20:1-17; Deut 28:1-14; Ps 19:7-14, 40:7, 8; Matt 5:17-20, 22:36-40; Joh 14:15, 15:7-10; Rom 8:3, 4; Efe 2:8-10; Heb 8:8-10; I Joh 2:3, 5:3; Open 12:17, 14:12]*

6. 00:04:26-00:05:30
"Voorbeeld: Die rooi robot (verkeerslig) gee aan ons kennis dat ons die wet oortree het (nadat ons oor 'n rooi lig gery het). Die verkeersbeampte stop jou en verklaar jou skuldig en skryf vir jou 'n boete..hy straf jou."

Hierdie is 'n goeie illustrasie wat net een stappie verder gevoer behoort te word. Wanneer ons die padreëls oortree en ons word deur 'n verkeersbeampte gestop en beboet, dan sal die geregvresende

en regdenkende padgebruiker nie daar wegry en verder die padreëls oortree nie. Netso vind die "wet van God" ons skuldig en ons verdien die dood(straf). Jesus kom lewe 'n perfekte lewe en kan daardeur Sy lewe as 'n losprys gee vir die straf wat elke mens verdien. Indien ons God se geskenk (Jesus wat in ons plek sterf) aanneem (deur geloof) behoort die nuut geredde gelowige nou "die wet" te eerbiedig en in Godsvresendheid te onderhou uit dankbaarheid vir Jesus wat die straf daarvoor kom betaal het. Hierdie kort Engelse video illustreer hierdie belangrike punt

7. 00:05:30-00:06:55
   "Verstaan u die drie redes waarom die wet daar is? (1) Om jou te sê wat jy nie mag doen nie; (2) om jou skuldig te verklaar wanneer jy oortree het; (3) en om jou te straf. So was dit in die tyd van die Ou Testament en so is dit vandag nog. Daardie wette word dus lewendig in die lewe van die oortreder. Geen wet het mens nog ooit vrygespreek nie (Gal 2:21, Gal 3:21; Gal 3:11)…"

Die 10 Gebooie van "die wet" van die HERE het 'n bepaalde funksie om die **ongeredde** na Jesus te trek. Dit wys sonde uit (soos 'n spieël, sien Jak 1:22-24) aangesien sonde die oortreding is van die wet (1 Joh 3:4) – **die 10 Gebooie is dus *nie uitgedien nie*** en het steeds 'n bepaalde funksie vir elke **ongeredde** mens. Dit bring mense tot die besef van die nodigheid vir 'n Verlosser (Jesus). Jesus is die een, die Hoëpriester, wat vandag wag op die gebede van berouvolle sondaars om hul sonde aan Hom te bely. Die wet se funksie is om die ongeredde te kry om in Jesus se arms in te hardloop.

Die 10 Gebooie van "die wet" van die HERE het 'n bepaalde funksie om die **gereddes** meer en meer die beeld van Jesus deelagtig te help word. Jesus het die 10 Gebooie perfek gehandhaaf. Jesus het dit ook as voorbeeld gedoen vir elke gelowige om ook self 'n sondelose lewe na te streef. Die 10 Gebooie is die HERE se perfekte wil (Sien Matt 22:37-40). Die 10 Gebooie is 'n toonbeeld van die HERE se heerlikheid, en in sy genade roep God almal om in Christus deel te hê aan sy ewige heerlikheid (1 Pet 5:10a). Hoe meer ons ons behae in die wet van die Here vind, dit dag en nag oordink (Ps 1:2) hoe meer sal ons met onbedekte gesig soos in 'n spieël die heerlikheid van die Here aanskou…en hoe meer sal ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlikheid tot heerlikheid…deur die werking van die Heilige Gees (2 Kor 3:17-18) - **die 10 Gebooie is dus *nie uitgedien nie*** en het steeds 'n bepaalde funksie vir elke **geredde** mens. Deur die 10 Gebooie sien die geredde die karakter van God, ons ken God se perfekte wil. Die wet se funksie is om die ongeredde te kry om in Jesus se arms in te hardloop, daarna stuur Jesus die geredde terug na die 10 Gebooie om heiligheid (Jesus se eie perfekte beeld) na te streef (deur Sy verlossings krag en belofte soos in die Nuwe Verbond. Sien Heb 10:16-26)

Die 10 Gebooie van "die wet" van die HERE het 'n bepaalde funksie om die **beleide gelowige** te oordeel om te bepaal of die geloof van die beleide gelowige eg is of was. Ons werke van gehoorsaamheid aan die 10 Gebooie (God se wil, om God se karakter deelagtig te word) bepaal of ons werklik reddende geloof gehad het in Jesus Christus wat ons skuld kom betaal het, ons sondes kom afwas het en ons beklee het met Sy kleed van geregtigheid. - **die 10 Gebooie is dus *nie uitgedien nie*** en het steeds 'n bepaalde funksie om as standaard te dien in God se oordeel oor elkeen wat bely om gelowiges te wees. Die wet se funksie is om die ongeredde te kry om in Jesus se arms in te hardloop, daarna stuur Jesus die geredde terug na die 10 Gebooie om heiligheid (Jesus se eie perfekte beeld) na te streef, waarna die wet (van Vryheid - Jak 1:25, wat ons vry maak - Joh 8:31–32) as standaard ingespan word om die beleide gelowiges se geloof in Jesus waarlik te deurgrond/toets (Ps 139:23, 24; Jer 17:1-13).

8. 00:06:57-00:07:47
"Die enigste een wat ons regverdig verklaar is God. Die woord regverdig-verklaar en vryspraak stem met mekaar ooreen… Ek staan vanaand voor u as 'n vry mens… nie op grond dat ek die wet kon hou, of gehou het nie. Ek staan as 'n vry mens gegrond op die verdienste van Jesus Christus op Golgota aan die kruis. Omdat Jesus die sonde oorwin het het die Vader ons (wat Jesus aangeneem het as Saligmaker) vrygespreek, Hy het ons regverdig verklaar…nou gaan ek hemel toe…nie op grond van my verdienstes nie…maar op grond van die genade van God…"

"…*Ons dank God dat julle van die sonde vrygemaak is en* <u>*slawe van God geword het*</u> *wat sy wil doen*." Rom 6:18

Die "vryheid" van God is regdeur die Bybel 'n tema waarin God Sy volk binne Sy morele wet wil laat wandel want binne Sy morele wet/ Sy wil is veiligheid, vrede vir almal, en <u>ware vryheid</u>. In 'n sin word ons vrygekoop uit die wêreld om "…*slawe van God te word…wat sy wil doen*…" (Rom 6:18)

Die moderne Christen hou nie van hierdie soort "vryheid" nie. Hulle wil ongebonde wees. Hulle wil self besluit wat reg en verkeerd is sonder om gebind te wees aan God se morele wet/ Sy gesag. Dit is waarom die Bybel sê die weg na die Ewige Lewe is 'n "*nou poort*" want min wil hierdie pad bewandel. Min wil Godsvresend, vanuit die kern van hul wese, met oortuigde harte, volgens God se voorskrifte wandel…

"*Gaan deur die nou poort in. Die poort wat na die verderf lei, is wyd en die pad daarheen breed, en dié wat daardeur ingaan, is baie. Maar die poort wat na die lewe lei, is nou en die pad daarheen smal, en dié wat dit kry, is min...* <u>*Gaan weg van My af, julle wat die wet van God oortree.*</u>*"* (Sien Matt 7:13-23)

Dit behoort duidelik te word dat die beleide gelowige hom/haarself *nie* kan losmaak van God se morele wet en dit 'vryheid" noem, nie.

Daar is 'n verantwoordelikheid by die **beleide gelowige** om die ou lewe te verruil vir die nuwe, die ou mens af te sterf, die kruis daagliks op te neem, en die Nuwe Lewe met passie na te streef. Hierdie Nuwe Lewe het alles te make met God se weë, Sy wil…juis dit wat Hy as voorskrifte vir die Gelowige in Jesus gee om daarvolgens te lewe. Jesus is ons perfekte voorbeeld van hierdie Nuwe Lewe. Hoe Hy Sy Vader se wette uitgeleef het en vir ons kom leer het (in leer en in voorbeeld) behoort die Gelowige se begeerte, doelwit, en prioriteit te wees. (Matt 22:36-37) Jesus het Sy Vader se wette perfek vervul, die Gelowige behoort daarom ook die Hemelse Vader se wette perfek (vanuit die kern van die hart) te onderhou en verhoog. Die gedagte dat ons losgekoop is "om nie God se wette vanuit die hart uit te lewe nie" sal nie by die opregte gelowige bevind word nie.

"Die enigste een wat ons regverdig verklaar is God…" Wanneer word ons regverdig verklaar? Ons word regverdig verklaar wanneer ons in geloof God se geskenk aan die mens (Jesus Christus se lewe en sy losprys) deur geloof aanneem, wanneer ons ons op Sy Verdienste beroep in geloof, en ons aan Hom verbind deur die doop bad. Ons is nou regverdig verklaar **maar die egtheid van ons geloof moet nog getoets word**. God doen dit deur na die Beleide Gelowige se lewe van toewyding/gehoorsaamheid en heiligmaking te kyk. Vind Hy vrugte wat by die bekering pas? (Luk 3:8) Vind Hy 'n lewe wat getuig dat dit nie hy is wat nou meer lewe nie maar Jesus Christus wat in Hom lewe? (Gal 2:20) Is die geloof wat Jesus self beoefen en uitgelewe het dieselfde geloof wat die Gelowige beoefen en uitlewe? (Open 14:12, sien die KJV) Bewaar hulle die gebooie? (Open 14:12) Doen hulle die gebooie sodat hulle toegang tot die boom van lewe het? (Open 22:14)

Die Geskenk van die Ewige Lewe is 'n genade gawe (Rom 6:23) maar dit is die Gelowige se plig om hierdie roeping en verkiesing vas te maak deur in heiligheid op te groei (2 Pet 1:10; Heb 12:14; Jak 2:14-26). 'n Lewe wat bely dat ons kinders van God is is die bewys dat ons die bruilofskleed wel aan

het. Hierdie kleed stel die karakter van Christus voor waarsonder ons nie die hemel sal mag binnegaan nie (sien Mat 22:1-14 en gee besonder aandag aan vers 11).

"*Sou jy 'n heilige in die hemel wou wees, moet jy eers 'n heilige op die aarde wees. Die karakter eienskappe wat jy in die lewe koester sal nie verander word wanneer jy sterf of by die opstanding nie. Jy sal opkom uit die graf met dieselfde ingesteldheid wat jy in jou huis en in die gemeenskap gemanifesteer het. Jesus verander nie die karakter by Sy wederkoms nie. Die werk van transformasie moet nou gedoen word. Ons daaglikse lewens bepaal ons lot.*" (AH 16.2, vry vertaal)


"…Ons daaglikse lewens bepaal ons lot…!"


"*WAT baat dit, my broeders, as iemand sê dat hy die geloof het, maar hy het nie die werke nie? Dié geloof kan hom tog nie red nie?*" Jak 2:14

Watter "werke" verwys Jakobus in bostaande vers? Is dit nie die werke soos Jesus ons as voorbeeld getoon het nie? Is dit nie werke van ware (agape) liefde teenoor Sy Vader asook teenoor Sy medemens wat Hy ons aan kom blootstel het nie? Is dit nie werke van *geloofsgehoorsaamheid* wat gesetel is in die wil van God/ Sy karakter/ Sy volmaakte wet naamlik die 10 Gebooie, nie?

Hierdie werke is Godsverheerlikende werke – werke wat toon dat ons aan Sy heerlikheid deelagtig is (Sien 1 Pet 5:10a), werke wat vanuit die boesem van die beleide gelowige voortkom *omrede* die Heilige Gees die karakter van God op die gelowige se hart geskryf het (en dit het gebeur) *omrede* die gelowige saamwerk/gehoorsaam is/gemeenskap het met die influistering van die Heilige Gees (die Gees wat hom/haar oortuig van sonde, geregtigheid en van oordeel, Joh 16:8).

**Wat is ware vryheid?** Daar is nagenoeg vyf (5) tipe mense op hierdie aardbodem. Hoe elkeen omgaan met God en sy woord word in die volgende verskillende illustrasies aangetoon. Sien wat *ware* Vryheid werklik beteken. Sien hoe ver die prediking in die modern kerke van ware vryheid afwyk:





VRY
2. (DOOD IN HUL SONDES). Jesus Christus het gekom vir diegene wat vasgevang is in hul omstandighede en hul sondes, diegene wat weet hulle is "arm van gees" (geestelik bankrot) en wat rou oor die toestand van hul korrupte lewens.
ERNSTIGE UITNODIGING! Reageer op Jesus Christus se liefde vir jou – Hy staan by die deur van jou lewe, wagtend vir JOU om jou lewe vir Hom oop te maak! MOENIE LANGER UITSTEL NIE!


VRY
3. (VRY IN CHRISTUS). Diegene wat bonatuurlik op die liefde van God gereageer het (deur geloof), maak hulself daagliks oop vir God om hul te red en te transformeer.
Hulle staan gehoorsaam op die Hoeksteen (Jesus Christus).
Hulle geniet ware vryheid in Christus Jesus. Hulle besef die groot prys vir hulle verlossing en dra hul vryheid hoog deur te wandel in die waarheid en die lig van God se Woord.
[Vry – 'n toestand sonder beperking of belemmering, dwang of verpligting, ongehinderd.]


VRY
4. (SKYNHEILIGE WETSONDERHOUERS) Sommige probeer om God se guns te verdien deur die onderhouding van God se wette (sommige of almal).
Hulle verstaan nie dat die onderhouding van God se morele wette steeds belangrik is, maar NIE om daardeur gered te word NIE!
ERNSTIGE WAARSKUWING! JULLE HET VAN DIE GENADE VERVAL! BEKEER JULLE EN GLO!


VRY
5. (GOEDKOOP GENADE) Sommige het gereageer op God se liefdes uitnodiging maar hul lewens reflekteer nie God se teenwoordigheid nie. Omrede hul God se genade verkeerd verstaan glo hulle VERKEERDELIK dat God hul eendag gaan red terwyl hul steeds in sonde leef instede dat Hy diegene verlos wat hulself van sonde verwyder het. Hul huisies is op SAND GEBOU!
ERNSTIGE WAARSKUWING!
MOET NIE LANGER IN SONDE VOORTLEWE NIE! BEKEER JOU VAN JOU VERKEERDE WEË!




Verdere belangrike studies:

- Verstaan ware redding
- Verstaan geestelike groei en heiligmaking, waarsonder ons nie die HERE sal sien nie

9. 00:07:55-00:14:42
   Die wet se funksie in die Ou Testament het ‘n bepaalde funksie vervul, en word in Gal 3:24 met die onderwys vergelyk. Die wet is ons tugmeester (onderwyser) na Christus toe sodat ons regverdig kan word uit die geloof. ….Noudat die geloof gekom het is ons nie meer onder die tugmeester nie. Daar kom ‘n tyd wanneer die skoolkind die skoolbanke verlaat…Gal 4 brei hierdie beeld uit (van klein kind tot mondige seun). Die mondige seun maak as ‘n volwassene sy eie besluite…So was ons ook toe ons kinders was onder die eerste beginsels van die wêreld (skoolreëls)…In die volheid van tyd kom Jesus om (A) diegene wat onder die wet was los te koop sodat ons die aanneming van mondige seuns kan ontvang. (B) Omdat ons (mondige) seuns is het God die Gees van Sy Seun in julle harte uitgestuur en julle roep Abba Vader. Jesus het ‘n duur prys vir ons vrymaking en vrylating betaal.”

Paulus gebruik hierdie beeld heeltemal reg deur te verklaar dat die Nuwe Testament gelowige “*nie meer onder ‘n tugmeester is nie*”.

In Punt 5 hierbo het ons gesien “die wet” uit onderverdelings bestaan. Lees ons Gal 3: 19 sien ons dat hierdie wet waarna verwys word is “*bygevoeg weens die oortreding*”. In punt 5 het ons duidelik die patroon gesien wat God ook in Genesis gebruik het deur die **seremoniele wette** (offers en feeste) apart van Sy morele wet te gee en wel **nadat** die volk ootree het deur die goue kalf te aanbid.

Ons het ook in punt 5 duidelik gesien dat dit die **seremoniele wet** is wat beskryf word as uigedelg, weggeruim, aan die kruis genael, swak en nutteloos, en dit is hierdie wet wat Paulus na verwys wat die tugmeester is waaronder die volk Israel gevange gehou is “*todat die saad aan wie die belofte gedoen is, sou kom*” naamlik Jesus Christus wat die seremoniele wette in Homself kom vervul het (v19)

Met ‘n duidelike verstaan dat “die wet” verdelings het is dit moeilik om te verstaan hoe enigiemand ooit kan aflei dat Paulus hier die opheffing aankondig van God se groot en wonderlike *morele* wet.

10. 00:14:42-00:15:58
    "Die eerste ding wat Jesus kom doen het met mense wat onder die wet gestaan het was om hulle los te koop van die wet se gesag deur met Sy ydele Bloed vir hulle 'n prys te betaal…Ons kan nie uitroep Abba Vader solank ons onder die wet is (menende ongered is) nie. Ons kan eers wanneer ons die Heilige Gees ontvang het en dit gebeur wanneer ons Jesus Christus aangeneem het en Sy bloed ons gereinig het van ons sondes."

Die wet hier onder bespreking is die **seremoniele wet** (offers en feeste). Hierdie wet is in Christus vervul en daarom hoef die Nuwe Testament Gelowige nie langer offers te bring vir hul sondes nie. Hulle kan direk na die ewige Hoëpriester in gebed gaan om hulle sondes opreg te bely en vergifnis te ontvang (1 Joh 2:1-2). Die seremoniele wette was skadu wette wat na Christus se koms en sterwe heen gewys het. Die Ou Testament Gelowige het geglo dat deur 'n lam te offer vir hul oortreding God hulle sondes sal bedek totdat die ware Lam in die toekoms sou kom en hulle sondes finaal sou wegneem. Die Ou Testament Gelowige was dus onder die wet (seremoniele wet) om daardeur vergifnis vir sondes te verkry – vergifnis vir die oortreding van God se morele wet/wil.

Met Christus Jesus se koms het Hy hierdie seremoniele offer stelsel kom beeindig deur een finale offer te betaal. "Om onder die wet te wees" beteken om steeds onder die seremoniele wet stelsel te funksioneer. Nuwe Testament Gelowiges is deur Jesus Christus bevry om nie langer onder die seremoniele wet stelsel hoef te funksioneer nie.


Sodra die berouvolle sondaar sy sonde en korrupte lewe besef ('n funksie van die 10 Gebooie deur die inwerking van die Heilige Gees) kan hy die Bloed van die Lam in geloof opeis/ toe-eien om vergifnis van sonde te ontvang. Dit doen hy deur na Jesus as die ewige Hoëpriester in gebed te gaan. Die berouvolle sondaar bely sy sonde en lê die sonde af wat hy verkeerd gedoen het ('n funksie weereens van die 10 Gebooie wat steeds sonde uitwys maar terselfde tyd perfektheid en heiligheid uitwys). Wanneer die berouvole sondaar erns maak met God se Woord en gehoorsaam, dan gee God die Heilige Gees aan hom (Hand 5:32). Wie die Woord gehoorsaam gehoorsaam die Heilige Gees (word gelei deur die Gees van God) en word kinders van God genoem (Rom 8:14) wat uitroep Abba, Vader (Gal 4:6).

11. 00:15:58-00:16:22
    "…en daarom kan ons vanaand deur die Heilige Gees lewe en maak ons as gelowiges ons eie besluite van wat vir ons reg is en wat vir ons verkeerd is…gedrewe deur die Heilige Gees en nie meer die onderwyser wat ons eenmaal op die skoolbanke gehad het nie."

Die punt oor die tugmeester is hanteer. Die tugmeester verwys nie na die morele wet nie. Die Heilige Gees sal nooit iemand dryf om iets te doen wat nie ooreenstem met die Woord van God of met die perfekte, ewige morele wet/wil van God nie. Om deur die Heilige Gees te lewe is om die Woord van God in suiwerheid te hoor en daaraan gehoorsaam te wees.

Sal die Gees van God enige gelowige lei om enige van die 10 Gebooie te breek of te verdraai soos dit ons pas? Hoekom sal die Gees van God sommige dan toelaat om die 4de Gebod te verdraai en aan te pas of te kanselleer soos dit ons pas?

Jesus sê: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van *elke* woord wat deur die mond van God uitgaan. Die 10 Woorde van die 10 Gebooie het by die Mond van God self uitgegaan, ook die 4de Gebod. Sal ons dit interpreteer soos ons voel, soos ons wil, elkeen vir homself self besluit…en dit dan "vryheid" noem? Kyk (in die prent hieronder) hoe word daar met die 4de Gebod omgegaan. Is dit hoe die Gees van God gelowiges lei of is dit die werk van die Vyand?




12. 00:16:22-00:17:03
    "Tragedie: Mense wat teruggaan na die wet en na die Sabbat is soos volwassenes…wat nou weer hulle skoolklere aantrek en saam met die Graad 2s en Graad 3s op die skoolbanke gaan sit. Ons is skoolverlaters…ons is gewas in die bloed van Jesus…ons het die Heilige Gees ontvang…ons roep Abba Vader."

Die punt oor die tugmeester is hanteer. Die tugmeester verwys *nie* na die morele wet nie maar na die seremoniele wette. Niemand moet teruggaan na die seremoniele wette nie. Jesus het die seremoniele wette vervul en staan in die plek van daardie wette. Die Sabbat van die 4de Gebod is deel van die morelete wet/wil van God en is nie in Jesus vervul nie.

Jesus is en bly baie ernstig oor die oortreding van Sy morele wet. Hy sê self : "*MOENIE dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul. Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie. Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele*."
MATTHÉÜS 5:17-20

Kyk weer na punt 7 hierbo. Die *morele* wet is vir die ongeredde, die geredde asook die beleide gelowige en het bepaalde funksies vir elkeen van hulle.

13. 00:17:20-00:19:22
    "Vraag: Bestaan die wet dan nog? Indien ons dan nou onder die tugmeester uitgekom het, en deur die Heilige Gees ons besluite neem…het die HERE Jesus dan nie gesê Ek het nie gekom om die wet en die profete te ontbind nie maar om dit te vervul. In Mat 5:18 sê Jesus verder dat voordat die hemel en aarde verbygaan sal niks van die wet ooit verbygaan totdat al hierdie dinge gebeur het nie. Dus… die wet bestaan vandag nog, selfs tot aan die einde toe. (Rom 2:14 en verder is dit duidelik dat die wet die standaard van God se oordeel is by die Groot Wit Troon). Die wet is steeds daar – die skool onderwyser doen nog steeds sy werk vir diegene wat op die skoolbanke sit."

Kyk weer na punt 7 hierbo. Die *morele wet* is vir die ongeredde, die geredde asook die beleide gelowige en het bepaalde funksies vir elkeen van hulle.

14. 00:17:34-00:17:45
    "Terloops: 'n Ding mag vir jou sonde wees wat vir 'n ander nie sonde hoef te wees nie (Rom 14)"

Elke opregte beleide gelowige is op die pad van heiligmaking. Ons is nie almal op dieselfde plek op hierdie pad nie. Party is ver voor ons vooruit op hierdie pad en dus moet elke gelowige die kans gegee word om deur die Heilige Gees self gelei en oortuig te word van sonde, geregtigheid en van oordeel, Joh 16:8.

Die HERE wil egter al Sy skape lei om na Sy stem te luister sodat ons almal een kudde kan wees wat na een Herder luister (Joh 10:16). Jesus verklaar dat Sy Vader juis wil hê dat Sy ware aanbidders sal verenig onder dieselfde (ware en volle) Waarheid. Jesus sê: "*daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid; want die Vader soek ook mense wat Hom so aanbid*" Joh 4:23-24. Juis daarom gee Jesus ons op Pinksterdag Sy Heilige Gees om *almal* tot die volle waarheid te help lei. (Joh 16:13)

15. 00:19:22-00:20:30
    "Vraag: is die wet, die 10 Gebooie, van toepassing op Nuwe Testamentiese gelowiges? (Gal 3 gee reeds die antwoord. Noudat geloof gekom het…). Sien 1 Tim 1..die doel van die gebod is liefde uit 'n rein hart en 'n goeie gewete, en 'n ongeveinste geloof…waarvan sommige mense afgedwaal en afgewend het na onsinnige praatjies (v6)…hulle wil leraars van die wet wees alhoewel hulle wat hulle sê of wat hulle beslis beweer nie verstaan nie"

Die wet onder bespreking in Gal 3 verwys na die *seremoniele wet* en nie na die 10 Gebooie/ morelete wet/ wil van God nie. Geen verdere kommentaar is dus nodig oor Gal 3 nie.

Kom ons kyk nou na die gedeelte in 1 Tim 1:

1 Tim 1:5 "*Maar die **doel van die gebod** is liefde uit 'n rein hart en 'n goeie gewete en 'n ongeveinsde geloof…*" - "*…die doel van die gebod..*" verwys na die bevel wat Paulus aan Timotheus gegee het in vers 3. (die "gebod" hier genoem is in die konteks van die bevel aan Timotheus om "*sekere persone*" te beveel "*om geen ander leer te leer nie*" en dat die uiteinde van dit wat hulle wel leer moet uiteindig op liefde uit 'n rein hart, 'n goeie gewete, en 'n ongeveinsde geloof.) Watookal die "*sekere persone*" aan die jong gemeente moes leer moes stigtend van aard wees wat die gemeente verenig rondom ware liefde uit 'n suiwer hart en 'n goeie gewete en uit 'n geloof wat nie voorgee nie (lees die KJV vertaling van hierdie vers). Die resultaat van onnodige debatte oor fabels en eindelose geslagsregisters is nie stigtend tot liefde nie maar veroorsaak eerder twis wat skeuring en onenigheid in die gemeente sou veroorsaak.

"…*die doel van die gebod..*" verwys nie na die morele wet of selfs die seremoniele wette nie. Kyk ons na vers 3 kan ons aflei dat die "leer" wat die "sekere persone" aan die gemeente geleer het sekerlik tedoen gehad het met "*fabels en geslagsregisters*" (v4)

Insig rondom vers 6: *"…waarvan sommige mense afgedwaal en hulle afgewend het na onsinnige praatjies*…"

- "…sommige mense…" Moontlik wetgeleerders (sien Luk 5:17)
- "…*afgedwaal en afgewend*…" Letterlik – "die merk gemis" om ware liefde te laat floreer (vers 5)
- "…onsinnige praatjies…" As liefde nie die resultaat of doel is van lering in die gemeente nie dan lei dit tot niks permanents of bevredigends nie

Insig rondom vers 7: "…hulle wil leraars van die wet wees, alhoewel hulle wat hulle sê, of die dinge wat hulle beslis beweer, nie verstaan nie…"

- Die wetgeleerders se onvermoë om die betekenis van die wet reg te verstaan is deur Christus self bestraf (sien Mat 22:29). "Persoonlike opinies en ongeverifieerde waarheid is die goedere waarmee bevooroordeelde en onvolwasse aspirant onderwysers smokkel. 'n Onderwyser se woorde dra betekenisvolle invloed, en wanneer hierdie woorde onoordeelkundig gegee word sonder voldoende begrip is verwarring die uiteinde."
- Daar kan geensins gesinspeel word dat hierdie "*leraars van die wet*" probeer het om die gemeente te leer en te oortuig om die morele wet/wil van God nie langer te onderhou nie. Die gemeente het juis *reeds* die morele wet onderhou maar die Joodse wetsgeleerdes het van dorp tot dorp rond gegaan en die nuwe gelowiges probeer oorreed om <u>buite Bybelse wette</u> te onderhou, en ook aspekte van die seremoniele wette (soos besnydenis) te onderhou. Dit is omrede laasgenoemde dat Paulus vir Timotheus beveel om te verhoed dat hierdie mense hierdie soort lering bring omrede dit onenigheid, misleiding en skeuring in die gemeente veroorsaak.
- Die *morele wet* is nie in 1 Tim 1:1-7 ter sprake nie.

16. 00:20:30-00:21:20
    "Die Bybel sê dat mense wat leraars van die wet wil wees self nie weet wat hulle sê nie…"

Sien punt 15 hierbo. Die *morele wet* is nie in 1 Tim 1:1-7 ter sprake nie.

17. 00:21:20 –00:22:45
    "(Sien 1 Tim 1:8) …maar ons weet dat die wet goed is as iemand dit wettiglik gebruik… en as hy weet dat die wet nie gegee is vir die regverdige nie…maar vir die wettelose en tugtelose mense, goddelose en sondaars, onheiliges en ongewydes… Die wet bestaan vandag nog en is nog van toepassing op sondaars, hulle op die skoolbanke, maar hulle wat gekoop is deur die bloed van Jesus en wat die Heilige Gees ontvang het …hulle is nie meer sondaars nie.. hulle was dit (1 Kor 6) maar is nou vrygemaak, is vrygespreek."

Insig rondom 1 Tim 1:8: "…*maar ons weet dat die wet goed is as iemand dit wettiglik gebruik*…"

- Omdat die aspirant onderwysers (v7) hul nie-winsgewende fabels uit die *Joodse* wet kry en die plegtige waarhede van die Evangelie verdraai daarom moet Paulus nou die "wet" in sy behoorlike lig aanbied. Hy wil nie hê dat sy kritiek teenoor die wetgeleerders van vers 7 verkeerd vertolk word as 'n waarde vermindering van die "wet" self nie. Paulus haal hier morele voorskrifte aan (verse 9-10), wat verskeie beginsels van die Morele wet in Eks 20 opsom.

Insig rondom 1 Tim 1:9: "…*en as hy weet dat die wet nie gegee is vir die regverdige nie*…"

- Binne die konteks wat ons reeds behandel het oor die **morele wet** kan ons sien dat die apostel nie hier leer dat die Christen nie langer verplig is om die 10 Gebooie te gehoorsaam nie (Sien Rom 3:31). Jesus het nie gekom om die mens te bevry van morele wetsonderhouding nie, maar om *juis* te wys dat wetsonderhouding wel deur die mens moontlik is (Jesus was self volledig mens). Jesus het verder die krag kom vrystel vir volkome oorwinning en bevryding van sonde (sien Rom 8:4 in KJV vertaling). Die wet veroordeel egter nie langer die regverdige mens wat in Christus is nie, maar bly staan as 'n standaard van morele gedrag (Rom 6:14).

Die wet bestaan vandag nog en is nog van toepassing op sondaars, hulle op die skoolbanke, maar hulle wat gekoop is deur die bloed van Jesus en wat die Heilige Gees ontvang het …hulle is nie meer sondaars nie.. hulle was dit (1 Kor 6) maar is nou vrygemaak, is vrygespreek."


- Die geredde gelowige is deur die Bloed van Jesus skoon gewas en indien gehoorsaam aan God dan is hulle ook gevul met die Heilige Gees. Hulle het hul sondes bely en is daarom nie sondaars nie…vir solank hulle gehoorsaam bly. Die geredde gelowige kan wel weer sondig

alhoewel Johannes ons vermaan om ten alle koste te poog om nie te sondig nie (1 Joh 2:1). Geredde gelowiges moet hul status in Christus handhaaf (geregverdig en geheilig, 1 Kor 6:11) en solank hulle die Heilige Gees hierin gehoorsaam (status handhaaf) vervul hulle God se morele wet/ God se wil. Hierdie geregverdige en geheilige gelowiges het nie God se morele wet dus nodig om hul sondes (wetteloosheid) uit te wys nie omrede hulle die wet handhaaf/die perfekte karakter van Jesus uitbeeld/die wil van God doen vanuit oortuigde harte (hulle wil reg lewe en hulle wil God behaag want hulle is dankbaar en oortuig van GOD se goedheid en liefde). **Hulle het wel steeds die wet in hul lewens nodig as die standaard wat Jesus gehandhaaf het.** Slegs in hierdie konteks is die *morele* wet nie vir die heiliges bedoel nie maar juis vir die wat wetteloos handel.

18. 00:22:45-00:23:58
"Wat 'n wonderlike ding om vry te wees... Dit is Jesus Christus wat jou vry maak...en as Hy jou vrygemaak het wandel dan in die vryheid van Christus sonder om losbandig te wees."

IN CHRISTUS is ons vry van die straf van ons vorige sondes. Ons handhaaf hierdie *duur* vryheid deur in 'n noue verhouding met die Drie-Enige God te wandel. Die Verbondbepalings van die Nuwe Testament/verbond is presies dieselfde as die verbondsbepalings van die Ou Testament/verbond en berus op die onderhouding (gehoorsaamheid aan) God se opdragte en gebooie. In die Ou Verbond het die volk van Israel in hul eie krag die verbondsbepalings probeer hou (en misrabel gevaal) maar in die Nuwe Verbond het die Nuwe Testament gelowige die beter beloftes dat ons dit in God se opstandings krag suksesvol *kan* handhaaf.

Ons is nie bevry van ons vorige sondeskuld om nou nie langer gehoorsaam te hoef te wees aan God se *wil* nie. Dink weer na oor die verkeersbeampte illustrasie in punt 6 en kyk ook weer na die volgende illustrasie en teksverse rondom die vryheid waarin die Gelowige die voorreg het om in te wandel:




19. 00:24:06-00:24:56
"Nou gebeur dit dat daar mense is wat sê hulle onderhou die wet omdat hulle lief is vir God. Die Bybel sê in Joh 1:17 die wet is deur Moses gegee en die genade en die waarheid het deur Jesus Christus gekom. Die wet het die hart van die Ou Testament gevorm, en die genade en waarheid vorm die hart van die Nuwe Testament. Kom ons kyk na 5 of 6 gevaarzones."

Die wet kom deur Moses terwyl genade en waarheid deur Jesus Christus kom.

Die wet wat deur Moses gegee is is goed maar die genade en waarheid wat deur Jesus geopenbaar is is soveel beter!

- Die Bybel praat van die wet as goed (Rom 3:1,2) – Die wet stelsel (sien Luk 24:44) was ontwikkel om die mens na verlossing te help lei (Joh 5:39; 45-47; Luk 24:25-27, 44) en het dus 'n baie goeie doel gehad (moenie dit as *sleg* afmaak nie. Alles, wat 'n tipe is van die ware, is wel vaal in vergeleke met die antitipe/Jesus, maar is verseker nie *sleg* nie). Die feit dat *sommiges* nie die doel van die wet stelsel verstaan het of probeer verstaan het nie maar eerder verlossing probeer verkry het deur werke van die wet/ wetsonderhouding (Hfst 9:32), en daarom nie God se rus ingegaan het nie, beteken *nie* dat die wet stelsel van die Ou Testament, soos deur God gegee, foutief of selfs sleg was nie. Alles wat God doen is "*perfek*" (Deut 32:4). Baie in die Ou Testament het wel die wet stelsel se doel verstaan en is agv die meegaande *geloof* geregverdig verklaar (Heb 11:39). Die wet stelsel, deur Moses gegee, kan nie agv mense wat dit verkeerd verstaan en toegepas het as 'sleg' beskou word nie – dit is net nie *so goed* soos Iemand wat uit die hemel na die aarde kom en dit kom modelleer/uitleef en dit in detail kom verduidelik het nie – Jesus - vol van genade en waarheid.
- Jesus, vol van genade en waarheid: Hierdie goddelike attribute was ook ingeweef in die Ou Testamentiese godsdienstige stelsel (Sien Eks 34:6-7), maar het, vir alle praktiese redes, verlore geraak onder 'n dik laag menslike tradisie. Die kontras tussen "wet" en "genade" (in Joh 1:17) het meer temake tussen die verdraaide interpretasies wat geplaas is op die geopenbaarde genade en waarheid van God deur die amptelike wetgeleerders/ rabbis, en die waarheid soos geopenbaar deur Jesus Christus self.
- Jesus, vol van genade en waarheid: Johannes verklaar met hierdie stelling eintlik dat waarheid deur Christus kom. Johannes verklaar Hom as die realiteit waarheen al die Ou Testament tipes en seremonies heen wys, wat niks meer was as net skaduwees van beter toekomstige dinge. Tipe het anti tipe in Christus ontmoed (Kol 2:16-17). Op geen manier probeer Johannes impliseer dat die Ou Testament stelsel vals was, foutief was of sleg was vir die Ou Testamentiese mens om daardeur die verlossingsplan van God te verstaan, en in geloof in te wandel, nie.
- Genade en waarheid het deur Jesus Christus gekom: Dit was Christus wat deur Moses en die profete gespreek het (1 Pet 1:9-10). Nou het Hy *self in Persoon* verskyn om hierdie groot ewige waarhede te bevestig wat Hy aan hierdie heilige manne van ouds geopenbaar het, en om hulle tot hul oorspronklike glans te herstel, onbesmet deur menslike tradisie (Sien Mat 5:17-19). Jesus het gekom om die Vader in Sy ware karakter te onthul (Eks 34:6-7), om die mensdom te oorreed om reg te doen/ reg te laat geskied, om liefde te betrag en ootmoedig te wandel voor God (Miga 6:8). Hy wat baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete het nou tot die mens gespreek deur Sy eie Seun (Heb 1;1,2).

Die wet het die hart van die Ou Testament gevorm, en die genade en waarheid vorm die hart van die Nuwe Testament


- Genade en Waarheid vorm die hart van beide die Ou en Nuwe Testament. God is en was nog altyd genadig vanaf Adam en Eva se sondeval en illustreer Sy genade regdeur die Bybel. God poog verder regdeur die Bybel om die waarhede rondom Sy karakter aan die mensdom bekend te maak waarvan die kern van Sy karakter in Sy *morele* wet gesien kan word. Die Teenstaander van God wil nie hê dat die mensdom God se *morele* wet gehoorsaam, verstaan of liefhê nie. Verkeerde leringe maak dat die mensdom hoegenaamd nie wil fokus op God se wet/Sy wil/Sy karakter nie en aanbid daarom nie die Skepper God in gees en in waarheid *nie*

– presies die Teenstaander se doel! Verkeerde leringe maak dat die mensdom hoegenaamd nie wil fokus op God se wet/Sy wil/Sy karakter nie en kan nie van heiligheid tot heiligheid groei om deelagtig te word aan Jesus se beeld nie – presies die Teenstaander se doel!

- Weereens: Genade en waarheid vorm die hart van <u>beide</u> die Ou en Nuwe Testament. Soos hierbo genoem was genade en waarheid ingeweef in die wet stelsel en moes Jesus weer die glans daarvan kom herstel met Sy bediening op die aarde. God verander nie: dieselfde reëls tov redding het in die Ou Testament gegeld as wat in die Nuwe Testament geld naamlik dat deur *geloof alleenlik in die gestorte bloed van die lam* die berouvolle sondaar verlossing en ewige lewe kan verkry.

Waarheid kom deur Jesus Christus:

- Jesus verteenwoordig al die "komponente" wat die Woord as *waarheid* definieer. Die onderstaande prentjie verteenwoordig die drie dele van wat waarheid *volledig* is – <u>alles vloei uit Jesus self uit</u> – vol van genade en waarheid:




- Netsoos God is Waarheid ook "Drie-in-Een" want dit bestaan uit drie dele wat as 'n eenheid behandel, gekoester en verstaan moet word:
1. Jesus is die Waarheid ("...Ek is die weg, die waarheid en die lewe..." Joh 14:6; Joh 1:14,17,20)
2. Jesus is ook die Woord. Die Woord is die Waarheid ("...Heilig hulle in u waarheid; u woord is die waarheid..." Joh 17:17; 2 Tim 2:15; 2 Tim 3:16-17)
3. Jesus se karakter word in die *morele* wet weerspieël. Die Wet is die waarheid ("...al u gebooie is waarheid..." Ps 119:151; "...u wet is waarheid..." Ps 119:142)

Die laaste punt (punt 3) wys ons *kan nie* die wet losmaak van *Waarheid* nie want dit is integraal deel van wie Jesus is. Sou ons dus Jesus in totaliteit wil aanneem (en opgroei in Sy perfekte beeld) moet ons *waarheid* <u>ten volle aanneem</u> – en die wet (10 Gebooie, Morele wet/ God se wil) is 'n integrale deel van *waarheid* wat die opregte gelowige ook ten volle sal aanneem in gehoorsaamheid van die Heilige Gees "wat ons lei in al die waarheid".

20. 00:24:56- 00:27:10
“Kom ons kyk na 5 of 6 gevaarzones as mens weer kan betree as mens terug gaan na Ou Testamentiese wette, die Sabbat en die besnydenis. Eerste gevaarzone: Gevaar 1 hou verband met die Testament van God. Heb 9:15 sê Jesus is ‘n middelaar van ‘n nuwe Testament. Die eerste Testament is gekanselleer (Sag 11:10 en Mat 27:1-10). Dis gevaarlik vir mense om die wette van die Ou Testament te wil onderhou om daardeur guns by God te wil vind.”

Ou Testamentiese wette - Punt 5 gee duidelikheid dat die Ou Testamentiese wette verdelings het waarvan sommige uitgedien is en waarvan die *morele* wet/ 10 Gebooie/ wil van God/ karakter van God *nie* uitgedien is nie. Pasop om die “baba met die badwater uit te gooi”. Moenie die *morele* wet van God weggooi nie. Sien asb weer punt 5.

die Sabbat - Die weeklikse Sabbat is deel van God se morele wet (4de Gebod) en is *veel meer* belangrik as wat hierdie rusgebod op die oog af blyk om te wees. Daar was jaarlikse sabbatte gewees wat saam met die feeste deel vorm van die skaduwee wette wat heen gewys het na Jesus Christus. *Hierdie jaarlikse* sabbatte is uitgedien, nie die weeklikse Sabbat nie.




Die bostaande prentjie wys die verskil uit tussen die twee *tipes* sabbatte soos wat in Lev 23 voorkom. Na watter sabbat(te) verwys Kol 2:16? Na die weeklikse of die jaarlikse (fees) sabbatte? In die lig van al die vorig genoemde punte kan mens sien dat hierdie vers verwys na die jaarlikse sabbatte wat saam met die feeste en offers heenwys na Christus. Logies kan Kol 2:16 nie verwys na die weeklikse sabbat nie want God sê duidelik in die 4de Gebod dat Sy 7de dag sabbat 'n *herdenking is van die skepping/terugkyk* (nie 'n skaduwee wat *vorentoe* na toekomstige dinge, ie Christus, verwys nie maar eerder *terugkyk* terug na die skeppingsweek).

Kyk na Lev 23:38. In die konteks van die hele hoofstuk (waar die verskillende feeste en jaarlikse sabbatte genoem word) sê God uitdruklik dat *benewens* Sý sabbatte [weeklikse sabbatte] moet hierdie jaarlikse feeste (met meegaande jaarlikse sabbatte) onderhou word.

Die punt is: God self maak hier 'n onderskeid tussen *Sy* weeklikse Sabbat en Sy jaarlikse sabbatte. Moet ons nie dan *ook* 'n onderskeid tref tussen die twee tipes sabbatte nie? Moet ons dan nie Kol 2:16 in hierdie nuwe lig interpreteer nie?

* Die weeklikse sabbat is deel van God se *morele* wet/wil/karakter. **Dit is steeds geldig vir elke mens.**


* Die jaarlikse sabbatte is deel van die feeste en offers en dus deel van God se seremoniele wette. **Dit is uigedien/vervul in Christus.**

Wanneer ons eenvoudig die sabbat oorboort gooi omrede ons dit goedsmoeds saamgooi met die “Ou Testamentiese wette” en as uitgedien verklaar/beskou dan sny ons nie die woord van God reg nie. Punt 5 hierbo wys duidelik dat God se wet beide 'n morele komponent en 'n seremoniele komponent het. Die “uitgediende” weeklikse sabbat kwessie word verkeerdelik uit Kol 2:14 afgelei en dit terwyl Kol 2:14 van die jaarlikse sabbatte praat, die jaarlikse feeste en deels die seremoniele wette ("skuldbrief teen ons, met sy insettinge") en nie na die morele wette nie.

en die besnydenis - Die *besnydenis* is deel van die seremoniele verdeling van die Ou Testamentiese wette. Dit was spesifiek van toepassing op die Joodse volk om deel van hul kultuur te wees wat ware redding moes tipeer. Besnydenis van die voorvel (verwysend na die menslike pogings tot redding) was ‘n skaduwee van die ware/nuwe soort besnydenis. Romeine 2:29 praat van ‘n besnydenis van die hart wat in *gehoorsaamheid* manifesteer. Sien veral 1 Korintiërs 7:19.

Eerste gevaarzone: Gevaar 1 hou verband met die Testament van God. Heb 9:15 sê Jesus is ‘n middelaar van ‘n nuwe Testament. Die eerste Testament is gekanselleer (Sag 11:10 en Mat 27:1-10).
- In punt 18 was genoem dat die *Verbondbepalings* van die Nuwe Testament/verbond presies dieselfde is as die verbondsbepalings van die Ou Testament/verbond en berus op die onderhouding (gehoorsaamheid aan) God se wil en gebooie. In die Ou Verbond het die volk van Israel in hul eie krag die verbondsbepalings probeer hou (en misrabel gevaal) maar in die Nuwe Verbond het die Nuwe Testament gelowige die beter beloftes dat ons dit in God se opstandings krag suksesvol *kan* handhaaf.

Terwyl die Nuwe Testament die Ou Testament vervang het is die korrekte verstaan van die Nuwe Testament/verbond dat die *kern* van die Ou Testament in wese steeds staan/geldig is/van toepassing is op Nuwe Testamentiese gelowiges.



Meer oor die twee verbonde hier

Bostaande illustrasie vergelyk die Ou Verbond met die Nuwe Verbond. Beide is bloed verbonde met sekere beloftes (God se rol) en sekere voorwaardes (Volk/gelowige se rol). Die seremoniele wette is die engiste voorwaardes wat weggelaat is uit die Nuwe Verbond omrede dit skaduwette was wat na Christus Jesus heen gewys het. Christus Jesus het egter nuwe byvoegings kom instel as deel van die Nuwe Verbond vir die Nuwe Testamentiese gelowige as plaasvervangers vir die weglatings.

Hoekom is die Nuwe Verbond beter as die Ou Verbond?

- "*Maar nou het Hy 'n voortrefliker bediening verkry vir sover Hy ook Middelaar is van 'n beter verbond wat op beter beloftes wettelik gegrond is*." (Heb 8:6) Die Nuwe Verbond is gegrond op die beloftes en werk van God en nie op die beloftes en werke van mense nie. Dit was van die begin af Sy hoop dat die mens op Hom en Sy werk vir hulle sou staatmaak om die vereistes van die verbond na te kom. Dit was tot hulle beskikking, maar hulle wou hardkoppig hulle eie weg volg. "*En hulle het gou van die weg afgewyk wat Ek hulle beveel het*." (Eks 32:8)
- Die verlossing van die mensdom uit die verderf uit het 5 aspekte. (Al 5 is uiters en ewe belangrik vir ons redding)
    1. Jesus kom leef perfek as mens en voer volmaak die wil van Sy Hemelse Vader uit
    2. Jesus sterf as die perfekte Lam
    3. Jesus oorwin die graf en staan uit die dood uit op
    4. Jesus tree nou in as Ewige Hoëpriester vir elke berouvolle sondaar in die hemel.
    5. Jesus doen nou strafgerig as Regverdige Regter tot en met Sy Wederkoms.

Die Godheid (God die Vader, Seun en Heilige Gees) is besig om die Nuwe Verbond beloftes uit te voer vir elke gelowige individu ooreenkomstig hoe die gelowige by die voorwaardes van die Verbond hou (sien bostaande illustrasie). Christus Jesus is die Middelaar van 'n beter verbond en is besig met die laaste twee stappe: as Ewige Hoëpriester en as Regverdige Regter (Verstaan wat hierdie twee belangrike rolle behels!)

Met getemperde geloof (Rom 5) in God se onmeetbare liefde vir ons (bewys aan die kruis) is ons in algehele oorgawe besig om Sy geskenk (Sy geregtigheid) vas te maak in ons lewens (2 Pet 1:10-11). Dit behels geloofsgehoorsaamheid aan Jesus Christus deur Sy Heilige Gees wat Sy Woord verstaanbaar maak en ons herinner (Joh 14:26) en aanmoedig om daarin te lewe tot eer en verheerliking van ons Hemelse Vader.

**Die eerste Testament is gekanselleer (Sag 11:10 en Mat 27:1-10).** - Kommentaar oor Sag 11:10 – Die boek Sagaria moedig die Jode aan wat teruggekeer het uit Babilon om die tempel te herbou om ten spyte van twyfel en moeilike omstandighede hul werk voort te sit en te voltooi. Sagaria se boodskap/profesie, wat Jerusalem se glorieryke toekoms uiteengesit het, was voorwaardelik. Omrede die Jode, wat teruggekeer het uit gevangenskap, nie die voorwaardelike geestelike toestande waarop hulle welvaart gebaseer was, kon bereik nie, het Sagaria se boodskap nie verwesenlik soos die oorspronklik voorneme was nie. Sekere kenmerke daarvan sou egter wel verwesenlik word in die Christen kerk.

Sagaria hoofstuk 11 handel moontlik oor die ontrouheid van die volk aan God en hoe die volksleiers skuldig staan daaraan dat hulle die skape/volk nie gelei het nie. Die uitwerking daarvan was dat die "loon" wat die volk aan God verskuldig was en wat hulle wel aan Hom "gegee het" *weglaatbaar klein* was… wat sprekende was van hoe min hulle Hom as hulle Leier waardeer het... (Hierdie gedeelte kom letterlik tot vervulling wanneer die owerpriesters aan Judas dertig silwerstukke afweeg om Jesus te verraai.)

In die konteks hiervan neem God sy staf "Lieflikheid" op en breek dit en in vers 14 breek Hy ook Sy staf "Samebinding". God verbreek die verbond wat Hy met die volk Israel by die berg Sinai aangegaan het (Exo 19:5-6; 24:3-8). Hy beindig die genadige doeleindes wat Hy deur Sy verbondsvolk wou vermag. Die Ou Verbond is verbreek agv die algehele onvermoë van die volk om die voorwaardes daarvan na te kom. Die Nuwe Verbond sou spoedig in werking gestel word (tydens Jesus se bediening) en sou op beter beloftes berus (God se eie beloftes) en nie op die beloftes van die volk self nie (Eks 19:8; Eks 24:7).

Die Eerste Testament is "gekanselleer" oor die swakheid van die volk self en <u>nie oor die swakheid /nutteloosheid van die verbond self nie.</u>

Dis gevaarlik vir mense om die wette van die Ou Testament te wil onderhou om daardeur guns by God te wil vind." - In <u>punt 8</u> het ons gesien daar is nagenoeg vyf (5) tipe mense op hierdie aardbodem. Die illustrasies in <u>punt 8</u> wys hoe elkeen omgaan met God en sy woord. Diesulkes wat as SKYNHEILIGE WETSONDERHOUERS beskryf word probeer om God se guns te verdien deur die onderhouding van God se wette (sommige van die wette of almal). Hulle verstaan nie dat die onderhouding van God se morelete wette steeds belangrik is, maar NIE om daardeur gered te word nie. Dit is VOORWAAR gevaarlik vir hierdie groepering van mense om die wette te wil onderhou om daardeur guns by God te wil vind. Sien illustrasie hieronder.




Die groepering waarby God wil hê almal moet by inskakel is die groep wat VRY IN CHRISTUS is. Hulle probeer nie die wette onderhou om guns by God te verkry nie – nee. Diegene wat bonatuurlik op die liefde van God gereageer het (deur geloof), maak hulself daagliks oop vir God om hul te red en te transformer. Hulle staan gehoorsaam op die Hoeksteen (Jesus Christus). Hulle is gehoorsaam aan God se wette (Jesus se opdragte, se lewens-voorbeeld/God se wil) want hulle wandel vanuit hulle hart op Jesus se voetspore. Sien illustrasie hieronder.




Laat ons dus die wette reg verstaan (punt 5), verlossing reg verstaan (punt 8), die bepaalde funksie van die wet vir ongeredde, gereddes en beleide gelowiges reg verstaan (punt 7) en in ware vryheid God se wil doen/sy wette onderhou/sy karakter deelagtig word (van heerlikheid tot heerlikheid opgroei).

21. 00:27:10-00:27:45
“Die eerste gevaarzone wat mens betree as mens teruggaan na die Ou Testamentiese wette is dat jy na ‘n gekanselleerde testament toe terugkeer.”

Dis reg: Moenie terugkeer na die Ou Verbond nie. Die korrekte bedoeling is om *nie* enige seremoniele wette te onderhou *nie*. Die Nuwe Testament is ‘n *beter* verbond, nie ‘n totaal nuwe verbond nie. Die Nuwe Verbond is ‘n Ewige Verbond (Efe 1:4-7) van God en is dieselfde Verbond wat God met Adam en Eva gemaak het nadat hulle gesondig het, met Noag herhaal is (Gen 9:9-17; Heb 11:7), met Abraham herhaal is (Heb 11: 17; Heb 11:8-10), met Israel by die Berg Sinai herhaal is en vandag met die Nuwe Testament gelowige herhaal word.

Punt 20 wys duidelik die vergelyking tussen die Ou en Nuwe Verbond. Moenie teruggaan na die Ou Verbond om deur seremoniele wette/ offers en feeste die verlossingsplan van Christus in tipe uit te leef nie. Gaan deur die gestorte Bloed van die Lam direk na die Troonkamer van genade om hulp op die regte tyd te ontvang.

22. 00:27:45-00:28:00
“As jy teruggaan na die wet en die Sabbat toe gaan jy terug na ‘n testament wat vir jou niks kan gee nie.”

Die wet het verdelings (soos in punt 5 reeds bespreek). NIEMAND is veronderstel om terug te gaan na die uitgediende gedeeltes van die wet nie maar elke mens vandag: ongered, gered of beleide gelowige sal vind dat God se *morele* wet ‘n bepaalde funksie in hul lewens verrig wat kardinaal belangrik is (sien weer punt 7) tot hulle regverdigmaking asook hul heiligmaking.

Net soos daar verkillende verdelings van die wet is is daar ook twee tipes Sabbatte: (1) Die weeklikse Sabbat wat deel is van God se morele wet en (2) die jaarlikse sabbatte wat deel is van die seremoniele wette. NIEMAND is veronderstel om terug te gaan na die uigediende jaarlikse sabbate nie want dit was ‘n skaduwet (‘n tipe) wat heengewys het na die toekomstige Messias se verlossingswerk, wat Christus Jesus kom vervul het. Elke mens vandag word egter genooi om deel te hê aan God se

weeklikse 7de dag Sabbat netsoos in die 4de Gebod vir ons uiteengesit is. Die 4de Gebod van die *morelete wet* van God is nie uitgedien nie. IN WERKLIKHEID is dit juis die gebod wat aantoon of die beleide gelowige werklik geseël is deur die Heilige Gees. Meer hieroor later.

23. 00:28:00-00:28:27
    "Wat verkies u? Om deel te vorm van 'n testament wat vir jou die rykdomme van God aanbied, wat vir jou sê geseënd is die God en Vader van die Here Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus (daar waar ons erfporsie vir ons bewaar word); of 'n testament wat vir jou niks gee nie?"


Dit is 'n uitgemaakte saak dat ons deur 'n Nuwe en beter Verbond ryke toegang verkry tot die Troon van Genade in Christus Jesus. Verstaan wat die Ou Verbond behels en verstaan wat die Nuwe Verbond behels. Sien weer punte 20, 21 & 22.

24. 00:28:27-00:29:28 (einde van video 1)
    "Die tweede gevaarzone is dat mense wat terugkeer na die wet en na die sabbat, terugkeer na die wêreld van skaduwees. Hulle stap terug in duisternis in. Jesus is die lig vir die wêreld. Sien Kol 2:14 en verder. Christus het die skuldbrief teen ons wat met sy insettinge ons vyandig was uitgedelg en weggeruim deur dit aan die kruis vas te nael."

In punt 4 het ons gesien dat die twee hoof verdelings van die wet van God (1) die *morele* wet en (2) die *seremoniele* wette behels. Die "*skuldbrief teen ons wat met sy insettinge ons vyandig was*" is 'n direkte verwysing na die seremoniele wette en nie na God se "volledige", "perfekte", "heilige", "regverdige", "goeie" of "koninklike" wette wat na die *morele* wette/10 gebooie/ God se wil verwys, nie.

- God het met Sy eie vinger die *morele* wet op *kliptafels* geskryf (Eks 31:18; Eks 34:28) en Moses moes die kliptafels binne die verbondsark plaas (Eks 31:18; Deut 10:1-5)
- Moses het self die *verordeninge* en *insettinge* in die "*boek van die verbond*" geskryf (Eks 24:4, 7) en dit bewaar langs die Verbondsark. (Deuternomium 31:24-26). **Dit is hierdie geskrewe dokument wat die skuldbrief is wat insettinge bevat waarna Kol 2:14 verwys.**

**Die volgende prent maak Kol 2:14 duidelik:** Let mooi op - Die skuldbrief is met die "hand" geskryf nie met die "vinger" nie.



Begin van Video 2:

25. 00:00:30-00:01:15

"Kol 2:14 – Christus het die skuldbrief… (Grieks: cheirographon, vinger of hand + om te skryf). Die skildbrief was 'n dokument of brief wat met die vinger van God op kliptafels geskywe was."

Die "*skuldbrief*" in Kol 2:14 is nie met die vinger van God geskryf nie maar wel in die "*boek van die verbond*" wat deur Moses self geskryf is wat insettinge bevat – **Sien asb punt 24 hierbo.**

- God het met Sy eie vinger die *morele* wet op *kliptafels* geskryf (Eks 31:18; Eks 34:28) en Moses moes die kliptafels binne die verbondsark plaas (Eks 31:18; Deut 10:1-5)
- Moses het self die *verordeninge* en *insettinge* in die "*boek van die verbond*" geskryf (Eks 24:4, 7) en dit bewaar langs die Verbondsark. (Deuternomium 31:24-26). **Dit is hierdie geskrewe dokument wat die skuldbrief is wat insettinge bevat waarna Kol 2:14 verwys.**

26. 00:01:15-00:01:45

"Kol 2:16 - …laat niemand julle dan oordeel in spys en drank of met betrekking tot 'n fees of 'n nuwe maan of sabbat nie…wat 'n skaduwee is van die toekomstige dinge…maar die liggaam behoort aan Christus. Laat niemand julle van julle prys beroof nie."

Al die genoemde aspekte in hierdie vers (spys, drank, fees, nuwe maan, sabbat) is aspekte wat verwys na die feeste en offers binne die seremoniele wette. Geen hiervan verwys na die *morele* wet/God se wil nie. Die sabbat in hierdie vers is in die KJV vertaling reg vertaal as "*Sabbath days*" (meervoud) wat verwys na die jaarlikse sabbatte. Ons het in punt 20 die verskil tussen die weeklikse Sabbat en jaarlikse sabbatte behandel. Die *sabbat* verwysing in Kol 2:16 verwys na die jaarlikse sabbatte wat saam met die seremoniele wette 'n skaduwet was wat na Jesus vooruit verwys het en wat in vers 14 "*aan die kruis vas genael*" was. Kol 2:16 handel weereens *nie* oor die weeklikse Sabbat wat deel is van die *morele* wet/wil van God, *nie*.

27. 00:01:45-00:02:18

"Vraag: As God aan jou 'n baie kosbare prys gegee het sal jy dit oppas? As God aan jou in Christus die ewige lewe gegee het sal jy dit bewaar? Hoe kan jy dan weer terugkeer na 'n wêreld van skaduwees en weer die Sabbat probeer hou of selfs die Joodse feeste (want dit is wat in vers 16 staan)?"

Punt 25 en 26 behandel hierdie aspek.

- Skadu wette verwys na seremoniele wette, nie na die *morele* wet/wil van God nie.
- Jaarlikse sabbatte was deel van die seremoniele wette. Die weeklikse Sabbat is deel van die *morelete* wet/wil van God.

28. 00:02:18-00:02:58

"In die hele Nuwe Testament is daar geen opdrag aan die kerk van Jesus Christus gegee om die 7 Joodse feeste (in Lev 23) te vier nie…maar oral spring hierdie teruggrype na die Ou Testament onder mense op…en wil hulle weer die feeste vier. Die feeste was skaduwees…keer jy terug na die feeste dan keer jy terug na die donkerte. Ons vier die lig wat gekom het, Jesus Christus, die HERE…"

Korrek. Ons vier nie langer die 7 Joodse feeste nie omrede dit deel van die seremoniele wette vorm. Die weeklikse Sabbat is nie deel van die feeste se jaarlikse sabbatte nie en is steeds van toepas op elke beleide Gelowige.

Die 7 feeste, alhoewel vervul in Jesus Christus, wanneer mens die geestelike toepassing daarvan verstaan is dit baie verrykend vir die geestelike lewe.

Hoe moet ons elke dag elk van die 7 feeste in ons geestelike lewens toepas? Sien illustrasie:

| Paasfees | Fees van Ongesuurde Brood | Fees van Eerste Vrugte | Fees van Weke | Fees van Trompette | Versoendag | Fees van Tabernakels |
|---|---|---|---|---|---|---|
|  |  |  |  |  |  |  |
| VRYDAG | SABBATDAG | SONDAG | Pinksterdag (Hand 2:1) | Wêreldwye herlewing in 1800s | Einde van Daniël se 2300 aandes en môres | EERSDAAGS! |
|  |  |  |  |  |  |  |
| Jesus se suiwer Lewe as perfekte Offer! | Jesus *rus* van Sy voltooide werke! | Jesus oorwin die graf! | Jesus stuur die Heilige Gees! | Jesus kondig aan: Hy kom, maak gereed! | Jesus reinig die Tempel! | Jesus kom en lei ons Sy ewige rus in! |
| Trek *elke dag* Jesus se geregtigheid aan. Besef *elke dag* Sy liefde vir jou (groei daarin op) | Gaan *elke dag* in Jesus se rus in. Wees heilig en onderhou die Sabbat *want dit is God* wat ons heilig | Leef *elke dag* sonder vrees vir die dood. Lewe *elke dag* in oorwinning | Hê *elke dag* gemeenskap met die Heilige Gees. (Geesgevulde -en afhanklike gebed, Bybel studie en gehoorsaamheid) | Lewe *elke dag* gereed. Leef en verkondig *elke dag* die Open 14:6-12 luide roep | Lewe vroom *elke dag*. Ondersoek en beproef jouself *elke dag* of Jesus werklik in jou is | Lewe volheid *elke dag* in die wete dat Jesus se Wederkoms naby is. |

29. 00:02:58-00:04:25
“My verlistiging is in die HERE. My verlistiging is in die Heilige Gees. My verlistiging is in die Woord van die HERE... Ek vier nie meer die pasga nie...Ek vier nie die fees van ongesuurde brode nie, of die eerstelings gerf-fees nie.. dis alles in Christus vervul, ons Paaslam. Vier eerder Jesus (m.a.w. vier die nagmaal). Vier die opstanding van Jesus uit die dode (Dit is hoekom ons Sondag bymekaar kom om die opstanding van Jesus te herdenk). Vier die Pinksterdag wat aangebreek het en vier die Heilige gees wat gekom het.”

Die gedagte dat die Sondag gevier word omrede dit die opstanding dag van Jesus is is nie ‘n Bybels gefundeerde opdrag of afleiding nie. Die Bybels gefundeerde opdrag om die dood en die opstanding van Jesus te vier is om gedoop te word deur onderdompeling (Rom 6:1-5) en nie om die heiligheid van God se Sabbat van die 7de dag na die 1ste dag oor te dra *nie*.

Verder is die fees van eerste vrugte (of fees van die Eerstelinggerf) die fees wat gepaart gaan met die opstanding van Jesus Christus, *nie* die verandering van God se *morele* gebod rondom Sy Sabbatdag *nie*.

30. 00:04:25-00:04:45
“Wat het ons met die fees van die basuin te doen? Die een wat die basuin sal blaas is God self wat die opdrag daarvoor sal gee.”

Dit is belangrik om die vervulling van hierdie fees in Jesus Christus te verstaan. God het geen van Sy feeste vir die Jode gegee sonder dat daar nie ‘n fisiese vervulling daarvan in Christus Jesus plaasgevind het nie, wat verrykend vir die Nuwe Testament gelowige is.

Sien die bostaande illustrasie wat die toepassing van die 7 Joodse feeste in ons daaglikse lewens illustreer. Die vyfde fees (fees van die basuin) is in Jesus vervul in die 1800s *kort voor* die einde van Daniel se 2300 aande en môre profesie sou aanbreek. ‘n Groot herlewing het onder verskillende Denominasies uitgebreek in die VSA en ook elders in die wêreld. Gelowiges het ontwaak en met passie die Bybelse profesieë intens begin bestudeer. Daar was ‘n algemene gevoel dat die wederkoms van Jesus Christus deur Jesus self aangekondig is (deur die bestudering van die profesieë wat van Hom

getuig). Om die gebeure rondom hierdie tyd te verstaan is ‘n deeglike studie van die profesieë in Daniel baie noodsaaklik.

Wat het ons met die fees van die basuin te doen? - Hierdie fees het BAIE meer met ons te make as wat in die modern kerke verstaan en geleer word! Bestudeer die profesieë van Daniël

31. 00:04:45-00:06:56
“Wat van die 6de fees Yom Kippur (die groot versoendag), toe die hoëpriester in die Allerheiligste ingegaan het agter die voorhangsel in? Het julle dan nie geweet dat die voorhangsel geskeer het toe Hy op Golgota gesê het dit is volbring, nie? Weet julle dan nie dat ons nou deur die bloed van Jesus en deur Sy geskeure vlees (Heb 10:19) toegang het tot die Allerheiligste plek van God, nie? Weet julle dan nie dat ons ‘n Groot Versoener het wat vir ons by die Vader optree, nie? Ons vier ook nie die Loofhutte fees nie (7de fees). Lees 1 Kor 10: Almal is gedoop in Moses, in die wolk, en in die see. Ons het ook uit Egipte gekom (uit die wêreld van sonde), ja. Ons vier nie die Loofhutte fees nie maar ons vier die sakrament van die doop (die aanduiding van ons oorwinning oor die wêreld van sonde en ons het opgestaan in ‘n nuwe lewe).”

Wat van die 6de fees Yom Kippur (die groot versoendag), toe die hoëpriester in die Allerheiligste ingegaan het agter die voorhangsel in? - Verstaan asseblief die diep betekenis van Yom Kippur. Die 6de jaarlikse fees (versoendag) verwys na die dag wat die hoëpriester een keer per jaar in die allerheiligste deel van die tempel ingegaan het om versoening te doen vir die volk se sondes. Dit was ‘n soort tempel heiligings aksie wat die priester uitgevoer het. Die hoëpriester in die Ou Testament, saam met die feeste, die offers en seremoniele wette was almal skadus wat na Christus Jesus heen gewys het. Hoe dan het die handeling van die hoëpriester (gedurende hierdie spesifieke fees) dan na Jesus heen gewys? Die bestudering van die profesieë in Daniël verduidelik dat aan die einde van die “2300 aande en môre” profesie in Daniël ‘n gebeurtenis in die hemelse tempel begin het. Daniel 7:9-10 beskryf dit so: *“…die gereg het gaan sit, en die boeke is geopen…”* Daniel 8:17-19 beskryf hierdie selfde gebeurtenis as: *“…Kyk, ek maak jou bekend wat aan die einde van die strafgerig sal gebeur, want dit sien op die bepaalde tyd van die einde…”*

Wat is hierdie gebeurtenis wat deur die 6de jaarlikse skadu-fees uitgebeeld is? Die studie in Daniel se profesieë toon duidelik aan dat op ‘n “*bepaalde tyd van die einde*” het Christus Jesus as Ewige Hoëpriester binne in die Allerheiligste deel van die hemelse tempel ingegaan om as Regverdige Regter (1) Sy oordeelswerk te begin en (2) om Sy heiligdom te begin reinig. So volksvreemd as wat hierdie gedagte is is dit ‘n werklikheid dat Jesus nou op hierdie oomblik besig is om in die hemelse tabernakel elke beleide gelowige (vanaf Adam tot nou) se lewe na te gaan om te kyk of daar vrug was op die geloof wat hulle belei het (onthou wat ons in punt 7 genoem het oor die funksie van die *morele* wet/10 gebooie in die lewe van die **beleide gelowige**? Die 10 Gebooie van “die wet” van die HERE het ‘n bepaalde funksie om die beleide gelowige te *oordeel* om te bepaal of die geloof van die beleide gelowige eg is of was. Jesus is *nou besig* om die morele wet te gebruik as perfekte standaard/maatstaf om elkeen se werke teen te toets). **Sodra Jesus klaar is met hierdie taak dan is Sy versoenwerk in die hemel finaal afgehandel.** Onthou die 5 aspekte waaruit die verlossingplan bestaan, soos in punt 20 bespreek? Hier is dit weer – let op na punt 5 rondom die “strafgerig” aangeleentheid:

- Die verlossing van die mensdom uit die verderf uit het 5 aspekte. (Al 5 is uiters en ewe belangrik vir ons redding)

    1. Jesus kom leef perfek as mens en voer volmaak die wil van Sy Hemelse Vader uit
    2. Jesus sterf as die perfekte Lam
    3. Jesus oorwin die graf en staan uit die dood uit op

4. Jesus <u>tree nou in</u> as Ewige Hoëpriester vir elke berouvolle sondaar in die hemel.
5. **Jesus <u>doen nou strafgerig</u> as Regverdige Regter tot en met Sy Wederkoms**.

Weereens: Sodra Jesus klaar is met hierdie taak dan is Sy versoenwerk in die hemel finaal afgehandel en dan gaan Hy terugkeer aarde toe met Sy wederkoms. Die Bybel sê Jesus "*loon is by Hom om elkeen te vergeld volgens sy werke…"* (Open 22:12). Jesus kan slegs met Sy wederkoms weet wie watter loon gaan ontvang indien Hy voor Sy wederkoms reeds dit (regverdig en openlik) bepaal het. Dit is hoekom Jesus nou besig is om strafgerig te doen as Regverdige Regter. Hierdie vreemde idee is opgesluit in die 6de jaarlikse fees wat in Daniel se profesiee behandel word. Bestudeer die profesieë van Daniël

Het julle dan nie geweet dat die voorhangsel geskeer het toe Hy op Golgota gesê het dit is volbring, nie? - Die geskeurde voorhangsel verteenwoordig Jesus se gebroke liggaam/Sy verdienste aan die kruis. Deur om "in Christus" te wees het elke opregte gelowige toegang tot Sy Vader en ons Vader (Heb 4:16). Die skeur van die voorhangsel verteenwoordig egter nie die vervulling van die 6de fees (die groot versoendag) nie – bestudeer Daniel se "*2300 aandes en môres*" profesie vir die vervulling van hierdie fees.

Weet julle dan nie dat ons nou deur die bloed van Jesus en deur Sy geskeure vlees (Heb 10:19) toegang het tot die Allerheiligste plek van God, nie? Weet julle dan nie dat ons 'n Groot Versoener het wat vir ons by die Vader optree, nie? Ons vier ook nie die Loofhutte fees nie (7de fees). - Die loofhutte fees (7de fees), alhoewel in Christus vervul, behoort die geestelike bedoeling van hierdie fees wel elke dag in ons harte te brand. Sien die illustrasie van die verskillende feeste in punt 28 hoe om hierdie fees in ons geestelike lewens daagliks toe te pas.

Lees 1 Kor 10: Almal is gedoop in Moses, in die wolk, en in die see. Ons het ook uit Egipte gekom (uit die wêreld van sonde), ja. Ons vier nie die Loofhutte fees nie maar ons vier die sakrament van die doop (die aanduiding van ons oorwinning oor die wêreld van sonde en ons het opgestaan in 'n nuwe lewe)."
- Die loofhutte fees (7de fees) en die sakrament van die doop hou nie direk verband nie. Die loofhutte fees is heenwysend na die wederkoms van Jesus, die nuwe hemel en die nuwe aarde. Die sakrament van die doop is heenwysend na die opregte gelowige se "verlowing" aan Christus Jesus waarin hulle een-word met Sy sterwe en met Sy opstanding.

- Meer oor die doop hier.
- Meer oor die feeste hier.

32. 00:06:56-00:09:15
"Sommige mense wil altwee doen. In Mat 9:14 antwoord Jesus hierdie mense: Kan die bruidegom se gaste dan vas solank die bruidegom by hulle is? Maar daar kom dae wanneer die bruidegom van hulle af weggeneem word en dan sal hulle vas in daardie dae. Niemand sit 'n nuwe stuk lap op 'n ou kleed nie…want die lap skeur af en daar kom 'n erger skeur. (V17) En niemand gooi nuwe wyn in ou leersakke nie, anders bars die sakke en die wyn loop uit en die sakke vergaan. Jy kan nie die wette en die genade met mekaar meng nie. Jy kan nie die nuwe wyn van die genade van God in die ou leersak van die 10 gebooie gaan ingooi nie, dan bars die sakke en die wyn loop uit. Dit is 'n sinkretistiese godsdiens ('n vermening van 'n Joodse geloof en die waarheid van die Christelike vrye godsdiens wat ons in Christus het.) Ons het die nuwe wyn van die HERE ontvang. Ons staan in die teken van die genade. Ons staan in die teken van die Gees. Moenie vir my 'n ou wynsak aanbring uit die Ou Testament nie, sê Jesus…Jesus sê dis onmoontlik."

Kan die bruidegom se gaste dan vas solank die bruidegom by hulle is? Maar daar kom dae wanneer die bruidegom van hulle af weggeneem word en dan sal hulle vas in daardie dae. - In Mat 9:14-15 openbaar Jesus wel dat Hy die Bruidegom is, die lang verwagte Messias is wat in die skaduwee wette uitgebeeld is wat sou kom om die sonde van die wêreld weg te neem. Soos reeds genoem is hierdie skaduwee wette die seremoiele wette wat deur Jesus beindig is aan die kruis. Jesus het nie die morele wet/Sy Vader se wil kom beeindig nie maar wel die volle en korrekte betekenis kom leef en kom leer (sien Mat 5).

Niemand sit 'n nuwe stuk lap op 'n ou kleed nie…want die lap skeur af en daar kom 'n erger skeur. (V17) - In hierdie uitgebreide metafoor, of kort gelykenis, wys Christus die dwaasheid uit om die mantel van Judaïsme met die nuwe kleed van Sy leering te probeer herlewe. Jesus se leering was nie maar net 'n pleister om op die ou uitgediende Joodse godsdienstige stelsel te plak nie. Die "ou kleed" verwys na Judaïsme as 'n sisteem wat onbruikbaar geword het en by die punt is om weggegooi te word. Die oorspronklike gees van die Joodse godsdiens het lank reeds verlore gegaan deur die meerderheid wat dit nagekom het en in sy plek het daar 'n leë "voorkoms" stelsel te voorskyn gekom. Deur die gebruik van hierdie metafoor het Christus gestrewe om die dissipels van Johannes die nutteloosheid te wys om te probeer om die goeie nuus aangaande die koninkryk van die hemele te verweef met die nakoming van die vervalle Joodse tradisies.

En niemand gooi nuwe wyn in ou leersakke nie, anders bars die sakke en die wyn loop uit en die sakke vergaan. - Die "nuwe wyn" verteenwoordig die noodsaaklike waarheid van God wat werksamig is in die hart van die mens. Die "ou leersakke" verwys weereens na die Joodse godsdienstige stelsel (hard en droog) in die tyd van Christus. Die "sakke wat bars" verwys na Jesus se revolusionêre leeringe wat nie versoenbaar was met die konserwatiewe dogmas van die Joodse godsdienstige stelsel nie. Enige pogings om Christenskap te probeer inpas binne die dooie voorkoms godsdiens van Judaïsme sou tevergeefs wees. Jesus het geleer dat die beginsels van die koninryk van die hemele, wanneer toegepas sou word op die siel van die mens, dit 'n aktiewe stralende godsdiens tot gevolg sou hê (Mat 5:2). Enige poging om die nuwe met die oue te verenig sou lei tot die vernietiging van beide (die "wyn" van die evangelie sou uitloop en die leersak van Judaïsme sou bars/vergaan.) Die "nuwe wynsakke" is moontlik verwysend na die mense wat reg was om die evangelie te ontvang of moontlik die nuwe tipe kerk organisasie waardeur die evangelie bevorder sou word.

Jy kan nie die wette en die genade met mekaar meng nie - Die Wet en genade kan verseker verkeerd verstaan word. In punt 8 het ons gesien daar is vyf (5) tipe mense op hierdie aardbodem. Die illustrasies in punt 8 wys hoe elkeen omgaan met God en sy woord. Beide die SKYNHEILIGE WETSONDERHOUERS en die GOEDKOOP GENADE tipe mens meng "wette en genade" verkeerd, verstaan dit verkeerd en leef dit verkeerd uit (leef in misleiding).

Die VRY IN CHRISTUS tipe mens meng wel "wette en genade" maar hulle doen dit in die regte verhouding. Kyk weereens na die video illustrasie van die verkeersbeampte in punt 5. Die verhouding tussen wet onderhouding (morele wet) uit dankbaarheid vir die genade om nie die boetekaartjie te ontvang nie is hier van toepassing.

Jy kan nie die nuwe wyn van die genade van God in die ou leersak van die 10 gebooie gaan ingooi nie, dan bars die sakke en die wyn loop uit. - Die "nuwe wyn" verteenwoordig die noodsaaklike waarheid van God wat werksamig is in die hart van die mens wat Jesus kom openbaar het deur Sy perfekte uitlewing daarvan en leering daar rondom. Die nuwe wyn verteenwoordig in hierdie konteks nie God se genade nie.

Die "ou leersak" verteenwoordig die vormgodsdiens van die Joodse godsdienstige stelsel en het niks met die onderhouding van die 10 gebooie temake nie.

Ons het die nuwe wyn van die HERE ontvang. Ons staan in die teken van die genade. Ons staan in die teken van die Gees. Moenie vir my 'n ou wynsak aanbring uit die Ou Testament nie, sê Jesus…Jesus sê dis onmoontlik." - Opregte gelowiges is in die proses om elke dag nuwe wyn te drink – noodsaaklike waarhede van God wat ons harte transformeer (van heiligheid tot heiligheid) soos hulle die Nuwe Verbond voorwaardes getrou navolg (sien punt 20). Die nuwe wyn bring noodsaaklike transformasie tot heiligmaking mee – "*heiligmaking waarsonder niemand die HERE sal sien nie*" (Heb 12:14).

Die enigste "teken van die genade" wat ons op aanspraak kan maak is 'n Godsvresende en heilige lewenswandel wat 'n bewys is/vrug is dat die "nuwe wyn", die noodsaaklike waarheid van God, dag vir dag, werksamig is in ons lewens.

Elke beliede gelowige moet sy eie lewe daagliks ondersoek om te sien of Jesus se beeld werklik vorm aanneem in hul lewens (2 Kor 13:5).

- Die SKYNHEILIGE WETSONDERHOUERS tipe mens mag dalk glo en bely dat hy die nuwe wyn ontvang het maar hy is mislei en is nie gered nie.
- Die GOEDKOOP GENADE tipe mens mag dalk glo en bely dat Hy die nuwe wyn ontvang en "onder die genade" staan maar hy is mislei en is nie gered nie.
- Die VRY IN CHRISTUS tipe mens wandel in/onderhou die Nuwe Verbond voorwaardes terwyl hul aktief glo in die verbond beloftes van God. Slegs hulle kan seker wees van hul saligheid!

Sien hierdie kort video oor die gevaar van valse redding. Meer hier.

33. 00:09:30-00:12:34
"Die derde gevaarzone: 2 Kor 3:13 (sien vorige konteks). Moses se aangesig het geskyn en hy het 'n bedekking daaroor gesit om te verhoed dat mense dit kon sien wat moes vergaan nie. (V14) maar hulle sinne is verhard want tot vandag toe bly daar by die lesing van die Ou Testament dieselfde bedekking sonder dat dit opgelig word. (V15) Tot vandag wanneer Moses gelees word (bedoelende die Torah, die eerste vyf boeke van die Ou Testament)…lê daar 'n bedekking oor hulle harte…maar wanneer hulle tot die HERE bekeer is word die bedekking weggeneem. (V17) Die HERE is die Gees en waar die Gees is daar Vryheid…en terwyl ons met onbedekte gesigte soos in 'n spieël die heerlikheid van die HERE aanskou word ons van gedaante verander na dieselfde beeld. Ons kyk nie na Moses nie…ons kyk na Jesus. Ons word van gedaante verander na dieselfde beeld van heerlikheid tot heerlikheid as deur die HERE wat die gees is."

Die konteks waarin van 2 Kor 3 geskryf word:

Paulus vergelyk homself en sy mede arbeiders teenoor die valse leiers ("*wat handel dryf met die woord van God"*) wat in Korinthe die woord van God korrup kom maak het. Paulus stel sy kant dat hy nie soos die vals leiers aanbevelingbriewe benodig nie aangesien die gemeente van Korinthe hulle brief/ getuies is dat hulle eg is en dat die evangelie wat hulle verkondig suiwer is (v 2-3).

Paulus beskryf dat die Korinthe die ontvangers is van die egte evangelie ("*brief van Christus*" waarvan die kern inhoud Jesus Christus is) wat deur die bediening van die Heilige Gees vergesel is (v 3). Christus wat met Sy eie vinger die 10 Gebooie op kliptafels geskryf het (Eks 24:12; 31:18; Deut 9:10-11) het ook die skrywers van die Bybel geïnspireer, (2 Tim 3:16; 2 Pet 1:20-21) en is dus ook die Skrywer daarvan. Sou hulle wou kon die mens Hom gevind het in (a) die wet (op kliptafels), (b) in die Woord self, en (c) in diegene (die apostels) wat in Hom geglo het en Hom verkondig het.

Paulus verduidelik dat hierdie egte evangelie vergesel is deur die Heilige Gees (die Ink) wat die Nuwe Verbond beloftes kom vervul het deur God se wet op die "vleestafels van hul harte" kom skryf het (v3). Waar die Heilige Gees aan te werk is in die lewe van 'n mens sal God se wet en se waarheid manifesteer in heiligheid, gehoorsaamheid, en heiligmaking. Gehoorsaamheid aan God se wil sal

spontaan gebeur. Die Apostel se teenstaanders, die Judaïseerders, het geensins so ‘n brief in die harte van die gelowiges in Korinthe geskryf, soos Paulus, nie. Hulle bediening was beperk tot die letter van die wet. Hulle was amper eksklusief net gesteld op uiterlike voorkoms godsdiens; die gees daarvan was nooit op die hart gegraveer nie. Wat Joodse wettisisme nie kon vermag nie (agv ‘n gebrek aan geloof deur diegene wat dit beoefen het, Heb 4:2) kon die evangelie nou wel vermag (Rom 8:3-4). ‘n Letterlike nakoming van die letter van Judaïsme kon nie die beginsels van waarheid oordra na die mens se hart nie. Die Joodse manier van godsdiens beoefening was steeds formeel en meganies – die gees het ontbreek.

Paulus kontrasteer die kliptafels van klip waarop God die 10 Gebooie geskryf het by Sinai met die vleestafels van die hart (v3). Daar was geensins fout daarmee dat God se wet op kliptafels van klip gegraveer was nie, maar solank as wat dit *net daar* geskryf was, en nie oorgedra is na die vleestafel van die hart nie, het dit vir alle praktiese redes, ‘n lewelose brief gebly. Waarheid het lewendige, aktiewe krag slegs wanneer dit toegepas word op die probleme van die lewe. Slegs God het die krag om die hart te bereik om Sy wet daarop te skryf. Dit is makliker vir Hom om Sy wet op kliptafels te skryf want die klip het nie ‘n wil om dit te weerstaan nie. Wanneer die wet egter wel op die hart geskryf is, is dit nie langer ‘n lewelose brief nie. Papier en klip is van verbygaande aard. Nie so met die wet wat geskryf is op die tafel van die hart en in die lewe nie.

Paulus beskryf verder sy bekwaamheid as die verkondiger van die ware evangelie boodskap (in vergelyking met sy Joodse teenstaanders) omrede sy bekwaamheid uit God is (v5). God het hom bekwaam gemaak om die Nuwe Testamentiese Verbond te bedien. Hier begin Paulus ‘n vergelyking tref tussen sy bediening (van die Nuwe Verbond) teenoor die lewelose bediening van sy teenstaanders (die Joodge vorm godsdiens, geesloos, formeel en meganies).

In verse 6-18 sit Paulus die verheuwenheid van die “bediening van die Gees” (v8) uiteen, wat hy self verteenwoordig, teenoor die “bediening van die dood” (die letter maak dood – v6) wat die nou-verouderde Joodse godsdienstige stelsel is, en wat deur die Judaïstiese teenstaanders verteenwoordig word. Hy skep hierdie kontras deur die “heerlikheid” van die Nuwe Verbond te vergelyk met die heerlikheid gedurende die Mosaietiese periode. Die kontras stel ook die Judaïstiese teenstaanders aan die kaak dat hulle ondersteuners is van die letter van die wet eerder as van die gees. Hy toon aan dat die Joodse priesterdom ‘n bediening is “van die letter”, in kontras met die Christen bediening wat ‘n bediening “van die gees” is. ‘n Bedienaar “van die letter” van die wet administreer ‘n stelsel van reëls en regulasies met die doel om almal te kry om aan eksterne vereistes te voldoen. God het egter Paulus ‘n bedienaar “van die gees” gemaak van alles rondom God se geopenbaarde wil. Hy is wel opgelei in die rigiede letter van die wet (Hand 22:3; Fil 3:4-6), maar die gees van die lewe in Christus Jesus het hom vrygemaak van daardie rigiede stelsel. Paulus het die bediening “van die letter” verruil vir die bediening “van die gees” (Rom 8:1-2; 2 Cor 5:17).

Die een tipe bediening is genoegsaam om die mens te red van sonde en om hulle kinders van God te maak, die ander een is nie (Efe 3:7). Die een het die Heilige Gees, die ander een nie. Die bediening “van die gees” het die vermoë om te oortuig van sonde, die ander een nie (Joh 16:8-9, 13; Efe 3:7; 1 Tim 1:11-16). Die bediening “van die letter” het tot stand gekom, in die praktyk, as ‘n verdraaiing van die ware evangelie wat geopenbaar is aan Moses en al die profete.

Verder kontrasteer Paulus die Nuwe Verbond met die Ou Verbond, die een wat met die gees geidentifiseer word en die ander met die letter. Onder die Ou Verbond het Joodse eerbied vir die “letter” van die wet ‘n soort afgodery geword. Dit het die “gees” gesmoor. Die Jode het gekies om onder die heerskappy van die “letter” van die wet te leef. Hul gehoorsaamheid aan die wet, aan rituele, en aan die voorgeskrewe seremonies was formeel en ekstern van aard. ‘n Christen se

toewyding en gehoorsaamheid sal nie gekenmerk word aan meganiese metodes, uitgebreide reëls en vereistes nie, maar deur die teenwoordigheid en krag van die Gees van God.

Die kontras tussen “letter” en “gees” in die Bybel is kenmerkend aan Paulus (sien Rom 2:27-29; 7:6). Die een is ekstern van aard, die ander is na binne. Beide Jode en Christene loop die gevaar om oor te kantel na die “letter” en die “gees” uit te sluit. Beide die Ou Testament en die Nuwe Testament is ‘n geinspireerde openbaring deur die Heilige Gees (2 Tim 3:15-17). God het bedoel dat Judaïsme beide die “letter” en die “gees” sou bevat – ‘n dokument wat God se geopenbaarde wil bevat asook sekere voorgeskrewe formaliteite, wat tot uiting kon kom in die alledaagse lewenservaring. Dieselfde is waar van die Christendom. Dit bevat ook formele belydenisse, teoretiese teologie, en die vorms van aanbidding wat geen krag het om die mens van sonde te red nie.

Die feit is, omdat die “letter” van die wet, soos opgeteken is in die boeke van Moses, afkomstig van God self is, beten dat die “letter” *wel goed is*. God het egter bedoel dat die “letter”, die geskrewe dokument van die wet, die enigste metode sou wees tot die hoë doel om die “gees” van die wet in die harte van die Jode te vestig. Maar, as ‘n geheel, het die Israeliete gevaal om die “letter” van die wet oor te sit in die “gees” van die wet, menende, oor te sit in ‘n lewendige godsdienstige ondervinding van persoonlike verlossing uit sonde deur geloof in die verlossingswerk wat deur die Messias verrig sou word. Die letterlike nakoming, alleenlik, van die wet “maak dood”. Slegs die “gees” van die wet kan enigsins “lewe” skenk, of dit nou vir die Jood is of vir die Christen. Die uitlewing van die Christenskap kan maklik ontaard in bloot ‘n “vorm van godsaligheid” sonder “die krag daarvan” (2 Tim 3:5), sodat die “letter” van Christenskap diegene “doodmaak” wat daarop staatmaak vir verlossing.

Die argument dat Paulus in hierdie Skrifgedeelte die Ou Testament en die *morele* wet se waarde verminder is van feite beroof. Paulus skryf aan heidense Christene en herhaaldelik bevestig die bindende krag van die Ou Testament en die *morele* wet op die Christen gelowige (sien Rom 8:1-4; 2 Tim 3:15-17). Christus en die apostels het geen ander “Skrifte” gehad as die Ou Testament nie. Die groot gallery van getroue gelowiges wat in Heb 11 genoem word, saam met die duisende gelowiges in die Ou Testamentiese tye het dieselfde inwerking van die Heilige Gees in hul lewens ervaar, deur die bediening van die Ou Testament, netsoos ander in Nuwe Testamentiese tye.

Elke kerk en geloofsbelydenis het sy “letter” asook sy “gees” in hul midde. Die evangelie van Jesus Christus het ook sy “letter” asook sy “gees”. Sonder die inwerking van die Heilige Gees word die evangelie in enige kerk onvermydelik ‘n dooie letter. Duisende beleide Christene is tevrede met die “letter” en bly geheel en al sonder geestelike lewe… Wat God verwag is nie net die regte aksies nie, maar die regte aksies as ‘n produk/vrug en bewys van ‘n ware verhouding met God, en van ‘n ware toestand as ‘n morele en geestelike wese.

Om die Christelike lewe en aanbidding te reduseer tot die nakoming van ‘n stelsel van reëls eerder om dit ‘n saak te maak van vertroue op ‘n lewendige God, is om te vertrou op die diens en bediening van die “letter.” Die formele dade en seremonies wat binne enige godsdiens voorkom, of dit nou Joods of Christen is, is slegs ‘n weg tot ‘n doel. Indien dit behandel word as die doel self, word dit onmiddelik ‘n hindernis tot die ware godsdienstige ervaring. Dieselfde is waar van die wet van God, die 10 Gebooie. Formele nakoming aan sy voorskrifte, om daardeur probeer om verlossing te verdien is futiel. *Slegs wanneer gehoorsaamheid volg as ‘n natuurlike resultaat uit liefde tot God en een se medemens is dit van enige waarde in God se sig.*

In die Bergpredikasie het ons Here die beginsels beklemtoon dat gehoorsaamheid aan die “letter” van die wet sonder die “gees” van gehoorsaamheid meebring dat die standaard van Sy geregtigheid nie bereik word nie. (Mat 5:17-22). Ondanks sekere moderne ondersteuners van die Skrifte, vervang die “gees” van die wet *nie* die “letter” van die wet nie. Jesus sê nie in die bergpredikasie dit is nou reg om

iemand letterlike dood te maak solank jy nie vir hom "kwaad" is, nie. Die "gees" van die sesde gebod vervang dus natuurlik nie die "letter" van die gebod nie, maar is eerder aanvullend tot die "letter" en neig om dit te vergroot/tot volle betekenis te verhef. Dieselfde kan van elk van die 10 Gebooie gesê word, insluitende die 4de Gebod.

"..die letter maak dood.."(V6) – Die "letter" was goed, maar dit het geen krag om die sondaar te red van die doodvonnis nie. Instede daarvan veroordeel dit hom tot die dood. Soos dit oorspronklik deur God gegee is, was die wet ontwerp om lewe te bevorder (Rom 7:10-11), en word daarom genoem as "heilig en regverdig en goed" (V12). Maar "lewe" kom egter met gehoorsaamheid, en die dood met ongehoorsaamheid. Die wet maak dus die sondaar dood, want die "*siel wat sondig sal sekerlik sterwe*" (Ese 18:4,20). "*Die loon van die sonde is die dood*" (Rom 6:23), maar die evangelie was ontwerp om hom te vergewe, en hom lewe te gee (hfs 8:1-3). Die wet veroordeel die wetsoortreder tot die dood, maar die evangelie verlos hom en laat hom weer lewe (Ps 51).

"…die gees maak lewend…"(V6) – Die bediening van die "gees" dra bonatuurlike krag oor. Die doodsvonnis wat die wet opgelê het is opgehef deur die gawe van lewe in Christus (1 Joh 5:11-12). Wanneer die standaard van God se geregtigheid tot die gewete van die *bekeerde* mens gebring word word dit die geleentheid tot gehoorsaamheid en lewe. Maar wanneer die wet van God tot die gewete van die *nie-wedergebore* mens gebring word, vonnis dit hom tot die dood.

"…bediening van die dood.."(V7) – Menende, die Joodse godsdiens stelsel, wat so verdraaid geword het dat dit leweloos was en nie kon lewe gee aan diegene wat dit beoefen het nie. In vers 9 noem Paulus dit "*die bediening wat veroordeel*." Verse 7-18 is gebaseer op die ervaring van Moses soos opgeteken in Eks 34:29-35. Paulus hier stel uiteen die uitnemendheid van die bediening van die "gees" met die doel om sy teenstaanders in Korinte (die Judaïseerders) te betwis, wat se bediening was van die "letter" en nie van die "gees" nie.

"…letters op klippe gegraveer…"(V7) – Die klem hier is op die idee dat wat geskryf is bedoel was om blywend te wees en dus 'n permanente krag sou uitoefen. Dit is duidelik 'n verwysing na die twee kliptafels waarop die 10 Gebooie geskryf is (Eks 31:18). Vergelyk die woorde van Christus in Mat 4:4,7,10, "Dit is geskryf", menende, "dit staan geskrywe."

"…aangesig van Moses…heerlikheid…"(V7) – In 2 Kor 3:7-18 word die *blywende* heerlikheid vergelyk met die heerlikheid wat *vergaan*, die meer heerlike met die minder heerlike, die nuwe met die oue. <u>In beide, is die "heerlikheid" die heerlikheid van die teenwoordigheid van Christus.</u> In die nuwe is die volle openbaarmaking van God se heerlikheid in die werklike persoon en teenwoordigheid van Christus, wat juis gekom het na die wêreld om deur die mens gesien te word (Joh 1:14), die heerlikheid wat altyd bly (Heb 7). In Moses se bediening-stelsel was Christus slegs "gesien" deur tipes wat voorsien is in die seremoniele wet, <u>maar die heerlikheid was nietemin die gereflekteerde heerlikheid van Christus.</u> Die Verlosser was versteek agter die sluier van tipes, simbool, rites, en seremonies, maar hierdie sluier was weggedoen tydens die koms van die groot Antitipe (Heb 10:19-20).

"…heerlikheid…wat tog moes vergaan…"(V7) – Sekere oppervlakkige lesers het agv hierdie aanhaling tot die slotsom gekom dat die wet van God "moes vergaan." Hierdie vers stel dit egter duidelik dat dit die verbygaande "heerlikheid", gereflekteer <u>op Moses se gesig</u>, was "wat tog moes vergaan." Daardie "heerlikheid" (op Moses se gesig) het in 'n paar uur, of dae, vergaan, maar die wet van God, "geskryf en gegraveer op klip" bly van krag. Dit was die bediening van Moses en die Joodse stelsel wat verbygegaan het, nie die wet van God nie (Mat 5:17-18). Die heerlikheid was nie op die kliptafels nie, en het nie daarvandaan vergaan nie. Soos Moses se gesig die heerlikheid van God gereflekteer het, netso het die seremoniele wet en dienste binne die aardse tabernakel die teenwoordigheid van Christus gereflekteer. God het bedoel dat die mense in die OT tye sal verstaan en ervaar die reddende

teenwoordigheid van Christus in die gereflekteerde heerlikheid van die tipe-stelsel. Maar met die koms van Christus was die mens bevoorreg om die heerlikheid van die Antitipe (in sy volheid) te aanskou, en die minder gereflekteerde heerlikheid, wat saam met die tipe gegaan het, nie langer nodig gehad het nie. In Ou Testamentiese tye het die sondaar verlossing gevind deur geloof in Christus, die Een wat sou kom, netsoos diegene in Christus se tyd, in Christus verlossing gevind het. Dit is vir hierdie rede wat Paulus praat van die administrasie van hierdie rites en seremonies as 'n "*bediening van die dood*". Jode wat misluk het om Christus in die offerstelsel te sien sou in hul sondes sterwe. Die offerstelsel op sigself het nooit iemand gered om die loon van die sonde, die dood, vry te spring nie… En omrede die meeste Jode in Paulus se tyd, insluitend die Judaïseerders (wat die kerk in Korinte gepla het) hierdie offers as noodsaaklik beskou het vir verlossing, het Paulus toepaslik hierdie totale sisteem as 'n "*bediening van die dood*" beskryf. Dit was leweloos. Jode en Heidene tesame moet lewe vind in Christus, want in Hom alleen is daar verlossing (Hand 4:12). Christus was die Verlosser van Israel regdeur die Ou Testamentiese tye netsoos Hy ons Verlosser vandag is.

(V13) Moses se aangesig het geskyn en hy het 'n bedekking daaroor gesit om te verhoed dat mense dit kon sien wat moes vergaan nie. - Paulus gebruik die insident van die sluier om te illustreer die geestelike blindheid van Israel (2 Kor 3:14-16). Volgens Paulus verwys die heerlikheid wat vergaan na die tipes en seremonies wat moes eindig met die koms van die groot Antitipe, die Here Jesus Christus. As gevolg van die sluier, sê Paulus, is die Israeliete nie in staat om te sien dat die verbygaande heerlikheid besig was om te vergaan nie of in staat om sy doel te verstaan nie. Hulle het liefdevol geglo dat die tipes en seremonies permanent van aard sou wees. Hulle het daarna gekyk as die doel self. Hulle het nie gesien dat die tipes-stelsel tydelik was en voorlopig in natuur was, en 'n voorafskadu was van die heerlikheid van Christus, wat sou kom, nie. Om seker te maak het Moses nie doelbewus die waarheid verberg om daardeur die Israeliete te bedrieg nie. Hy het aangaande die Messias geprofeteer en het vorentoe gekyk na die heerlike tydperk van Sy koms (Deut 18:15). Die sluier simboliseer die ongeloof van die Jode (sien Heb 3:18-19; 4:1-2) en hul weiering om Christus waar te neem binne in die offerstelsel bediening.

(V14) maar hulle sinne is verhard want tot vandag toe bly daar by die lesing van die Ou Testament dieselfde bedekking sonder dat dit opgelig word. - Die Jode se geestelike blindheid het veroorsaak dat hulle geweier het om Christus waar te neem binne in die offerstelsel bediening in die Ou Testament. Hul ongeloof was die sluier wat gemaak het dat hulle nie Jesus Christus herken het as die groot Antitipe van die tipe-stelsel nie. Hulle geestelike onvermoë het gemaak dat hulle nie die groot geestelike waarhede en die geestelike doel van Moses se bediening-stelsel ingesien het nie. Sowat 1500 jaar na Sinai was die Jode netso dof van verstand soos hulle was tydens die Sinai episode. Die patroon van Joodse ongeloof in Paulus se tyd was identies soos in Moses se dae.

(V15) Tot vandag wanneer Moses gelees word (bedoelende die Torah, die eerste vyf boeke van die Ou Testament)…lê daar 'n bedekking oor hulle harte…maar wanneer hulle tot die HERE bekeer is word die bedekking weggeneem. - "…'n bedekking oor hulle harte…" – Die bedekking spreek nie sosseer van hul intellek as van hul wil nie. Hulle sou kon glo, maar het geweier om te glo (Hos 4:6). Regdeur hulle geskiedenis as 'n nasie was die Jode moedswillig blind. Hulle was ten volle oorreed van die onvergelykbare uitnemendheid van die "letter" van die wet van Moses, maar het hul oë gesluit vir die "gees" daarvan. Dieselfde sluier van moedswille blindheid verberg dikwels die waarheid vir die mens selfs vandag. Ons moet die Geskrifte met 'n geopende/leerbare verstand benader, reg om vooropgestelde opinies prys te gee en om die waarheid te erken en te aanvaar, watookal dit mag wees…

(V17) Die HERE is die Gees en waar die Gees is daar vryheid…en terwyl ons met onbedekte gesigte soos in ‘n spieël die heerlikheid van die HERE aanskou word ons van gedaante verander na dieselfde beeld. Ons kyk nie na Moses nie…ons kyk na Jesus. Ons word van gedaante verander na dieselfde beeld van heerlikheid tot heerlikheid as deur die HERE wat die gees is.” - “Die HERE is (daardie) Gees…” – Sien die KJV vertaling: “..*the Lord is that Spirit*…”. Paulus identifiseer nie hier die 2de Persoon van die Godheid met die 3de Persoon nie, maar verwys eerder na hul eenheid in doel en werksaamheid. Wat Paulus hier bedoel is (a) Die inwoning van Christus word moontlik gemaak deur, en is gelyk aan, die inwoning van die Gees (Joh 14:15-20, Gal 2:20) en (b) die Gees bedien die wysheid, waarheid, en regverdigheid van Christus (Joh 16:10-14), en (c) die Gees handel as Christus se agent deurdat Hy die werk van verlossing voortsit, noodsaaklik maak, en effektief maak (Joh 7:37-39), en (d) die gemeenskap van Christus is die gemeenskap van die Gees (Joh 14:17-18).

“…waar die Gees van die Here is…” – Die bediening van die Gees beteken vryheid van die bediening van die letter, wat, indien dit alleen staan, slawerny/gevangeniskap beteken. Om “in die Gees te wandel” is om Christelike vryheid te ervaar en te geniet (Gal 5:13-16; Joh 6:63). Die bediening van die “letter” is op sigself gegraveer op die twee kliptafels en het geen krag hoegenaamd om die sondaar te red en aan hom vryheid te gee nie. Dit is die Seun wie alleenlik die mens waarlik vry kan maak (Joh 8:36). Die vryheid van die gees is te vinde in ‘n nuwe lewe. So ‘n nuwe lewe kan vrylik en natuurlik uitgedruk/uitgeleef word vir die eenvoudige rede dat wanneer ‘n mens wedergebore word sy hoogste begeerte is dat die wil van God in hom sal geskied. God se wet, geskryf op die hart (2 Kor 3:3) bevry hom van alle vorms van eksterne dwang. Hy *kies* om reg te doen, nie omrede die “letter” of die wet hom verbied om verkeerd te doen nie, maar omrede die “gees” van die wet in sy hart gegraveer is en hom lei om die regte te kies. Die inwonende Gees beheer so sy wil en voorkeure dat hy begeer wat reg is, en is bevry om die waarheid na te volg soos dit in Jesus tevinde is. Hy stem saam dat die wet goed is, en hy “*verlustig hom in die wet van God na die innerlike mens*” (Rom 7:22; Ps 1:2). Vryheid in Christus beteken nie ‘n lisensie om te doen soos mens goeddink nie, tensy mens Christus, in alles, wil gehoorsaamheid wees, en wil behaag. Daar moet beheer wees. Hoe minder daarvan binne is, hoe meer moet daar van buite afgevorseer word. Die mens wat in Christus Jesus vernuwe is kan vertrou word met volle vryheid omrede hy dit nie sal misbruik deur dit ‘n selfsigtige doelwit te maak nie.

“…onbedekte gesig…” (V18) – Anders as die Israeliete, wat steeds ‘n sluier oor hul verstand en hart het, wat hul verhoed om die heerlikheid van die Here te sien, is die Christen bevoorreg om die volheid van daardie heerlikheid te aanskou. By Sinai het Moses alleen die openbaring van God ontvang met ‘n onbedekte gesig. Nou kan almal nader kom aan God netso effektief soos Moses gedoen het en intiem met Hom verkeer (Heb 4:16).

“…soos in ‘n spieël die heerlikheid van die Here aanskou…” (V18) – Vir die Christen om te “verander” in die gelykenis van Christus is dit nodig om Sy heerlikheid te “aanskou”. Soos Moses se gesig die heerlikheid van God by Sinai weerspieël het, so moet ons lewens altyd die heerlikheid van die Here weerspieël soos dit lig gee aan ‘n verlore wêreld.

“…word ons van gedaante verander…” (V18) – Die plan van verlossing beoog om die beeld van God in die mens te herstel (Rom 8:29; 1 Joh 3:2), ‘n transformasie wat gebeur wanneer ons Christus oordink (Rom 12:2; Gal 4:19). Die oordenking van die beeld van Christus beinvloed die morele en geestelike natuur netsoos die teenwoordigheid van God die gesig van Moses beinvloed het. Die nederige Christen wat konstant na Christus kyk as Sy Verlosser sal in sy lewe iets van Christus se heerlikheid reflekteer. Indien hy getrou voorgaan om dit te doen, sal hy van heerlikheid tot heerlikheid verander word in sy persoonlike Christen ervaring (2 Pet 1:5-7).

"…van heerlikheid tot heerlikheid…" (V18) – Die transformasie is gelydelik. Dit gaan vooruit van een vlak van heerlikheid tot 'n volgende. Ons geestelike eenwording met Christus kom deur Sy heerlikheid en loop uit op 'n refleksie van heerlikheid netsoos Syne.

"…as deur die Here wat die Gees is…" (V18) – Die geestelike transformasie wat vanaf Christus uitgaan gebeur slegs deur die werking van die Heilige Gees, wie, as Hy toegang tot die hart het, die gelowige se natuur vernuwe, heilig maak, en verheerlik sodat dit nuut word in die gelykenis van Christus se perfekte lewe.

Illustrasie tussen die verbygaande heerlikheid van Moses en die van die permanente heerlikheid van Christus self:




34. 00:12:34-00:14:28
"Ek wil nie (1) teruggaan na 'n gekanselleerde testament nie. (2) Ek wil nie teruggaan na die skadu wêreld van die Joodse feeste en die Joodse Sabbat, en wat jy nie mag eet nie. (3) Ek wil nie teruggaan na die versluiering van die Torah nie. (4) Ek wil nie teruggaan na 'n bediening van die dood nie (sien 2 Kor 3:6-7: die letter maak dood maar die gees maak lewend, as die bediening van die dood, met letters op klip geskrywe, in heerlikheid was, sodat die kinders van Israel nie hul oë kon vestig op die aangesig van Moses nie vanwee die heerlikheid van sy aangesig wat tog moes vergaan, hoeveel te meer sal die bediening van Gees dan nie in heerlikheid wees nie) Vers 7 sê daar was heerlikheid in die wet. Waar was die heerlikheid? Op Moses se gesig. Nie lank daarna, nadat hy die doekie afgehaal het, het die heerlikheid van die ou testament verdwyn…en word dit die bediening van die dood."

Ek wil nie (1) teruggaan na 'n gekanselleerde testament nie. - Die Nuwe Testament/Verbond bevat al die verbondbepalings van die Ou Testament/Verbond. Die seremoniele wette is die enigte weglatings. Verstaan die Nuwe Verbond. Verstaan God se beter beloftes daarin en hou die verbonds voorwaardes uit 'n rein hart, die "letter" asook die "gees" van die gebod. Die Joodse volk het nie Christus in die Ou Verbond gesien nie en daarom kon hulle nooit die ware bedoeling daarvan verstaan of uitleef nie. Hulle het slegs op die "letter" van die wet gefokus en nie op die "gees" (volledige bedoeling) nie.

(2) Ek wil nie teruggaan na die skadu wêreld van die Joodse feeste en die Joodse Sabbat, en wat jy nie mag eet nie.

**Joodse feeste** – Die Joodse feste is vervat in die seremoniele wet – dit is tipes wat na Christus heen gewys het. Christus is die groot Antitipe en daarom is die tipe uitgedien.

**Joodse Sabbat** - Die gedagte aan 'n "Joodse Sabbat" bestaan nie. Die weeklikse Sabbat van die *morele* wet is vir die "<u>mens</u> gemaak" (sien Mark 2:27). Alle NT gelowiges word hierby ingesluit. Die weelikse Sabbat gebod is netso geldig soos die ander 9 Gebooie ook steeds geldig is.

**(3) Ek wil nie teruggaan na die versluiering van die Torah nie** - Die sluier verteenwoordig moedswille blindheid. Dit verberg dikwels die waarheid vir die mens selfs vandag nog. Ons moet die Geskrifte met 'n geopende/leerbare verstand benader, reg om vooropgestelde opinies prys te gee en om die waarheid te erken en te aanvaar, watookal dit mag wees…

Tot vandag toe dra mense hierdie bedekking wanneer die OT gelees word (hulle weet die OT seremoniele wet stelsel is van verbygaande aard maar hou nardnekkig voort met die verkeerde ingesteldheid dat die "letter" redding-kapasiteit het). In Christus is die bedekking weg (die heerlikheid van die NT verbond gaan van heerlikheid tot heerlikheid soos ons *anders* na die spieël/wet van God/ God se wil kyk. Ons sien die heerlikheid, volmaakte karakter, van die Here en ons word verander na dieselfde beeld, deur die Here self wat die Gees is, die Belofte wat die OT voorspel het.)

**(4) Ek wil nie teruggaan na 'n bediening van die dood nie**

**bediening van die dood** - Paulus verwys na die "bediening van die dood" nie sosseer na die Ou Testamentiese offerstelsel in tipes en seremonies nie maar eeder na hierdie <u>*verdraaide stelsel*</u> wat die meeste Jode in Paulus se tyd, insluitend die Judaïseerders as noodsaaklik beskou het vir verlossing. Paulus beskou dit as 'n bediening van die dood omrede die Jode nie hierdie as 'n tipe gesien het wat na Christus heengewys het nie – die Jode het sluiers oor hul verstand en harte gehad. Wieookal nie lewe in Christus vind nie maar slegs die "letter" van die wet volg bly dood in hul sondes.

35. 00:14:28-00:15:02
"Vriende, ek verkies die bediening van die Gees, die bediening van Pinkster. Ek verkies die Heilige Gees in my lewe (in die môre, middag, aand en middernag). Ek wil met die Heilige Gees lewe, want in die Gees van die HERE lê die heerlikheid van God opgesluit…nie op 'n man se gesig nie, dit was die bediening van die dood…'n bediening wat dood gee, want hy kon jou nie lewe gee nie."

Waar die Heilige Gees aan te werk is in die lewe van 'n mens sal God se wet en se waarheid manifesteer in heiligheid, gehoorsaamheid, en heiligmaking. God se *morele wet* is steeds van krag. Paulus skryf aan heidense Christene en herhaaldelik bevestig die bindende krag van die Ou Testament en die *morele* wet op die Christen gelowige (sien Rom 8:1-4; 2 Tim 3:15-17).

Die heerlikheid op Moses se gesig was nie "die bediening van die dood" nie. Die heerlikheid op Moses se gesig was van verbygaande aard in Paulus se tyd, nie omrede dit sleg was nie, maar omrede die beter/volmaakte gekom het: Jesus Christus, die groot Antitipe wat se heerlikheid (volmaakte karakter van God) ten volle geopenbaar is.

36. 00:15:02-00:17:05
"Die vyfde gevaarzone kry ons in Gal 3:10. As jy terugkeer na die wet en die Sabbat, dan stap jy onder die vloek in…want almal wat uit die werke van die wet is is onder die vloek…want daar is geskrywe vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie… en dat niemand deur die wet by God geregverdig word nie is duidelik, want die regverdige sal uit die geloof lewe. Mense wat in die Ou Testament onder die wet gestaan het was onder die vloek. Mense wat vandag onder die wet wil ingaan doen dieselfde aan hulself…hulle stap onder 'n vloek in. Was ons nie almal daar nie? Ja – ons was almal onder die tugmeester, die wet…dit is die vloek. Maar Christus het ons

losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons ‘n vloek te word...want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan ‘n hout hang…sodat die seën van Abraham na die gelowiges kan kom. Gal 3:13 sê Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons ‘n vloek te word.”

Gal 3:10 – “*Want almal wat uit die werke van die wet is, is onder die vloek; want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie.*”

“…Want almal…” – Paulus verwys hier na almal wat verwag om toegerekende geregtigheid te ontvang as ‘n gevolg op hul onderhouding van die rituele vereistes van die seremoniele wet. Hierdie groep staan in kontras met die groep in V9 “…diegene wat uit die geloof is…”

“…werke van die wet…” – Sien ook Gal 2:16. Paulus verwys hier nie sosseer net na die rituele vereistes van die seremoniele wet maar ook na die Joodse konsep dat ‘n mens homself kan red deur die noukeurige onderhouding van “die wet”, wat bestaan uit die morele, seremoniele en siviele voorskrifte. In die brief aan die Galasiers is Paulus slegs besorg oor die morele en seremoniele kodes. Die Jode het gefouteer deur te (1) vertrou dat verlossing bereik kon word deur een se eie moeite, deur die onderhouding van die vereistes van “die wet” en deur ‘n deugsame verdienstelike lewe, waarin ‘n oorskot goeie werke die bose dade kon uitkanselleer, (2) om dan ook by die wet by te voeg, soos deur God gegee, ‘n massa mensgemaakte vereistes, wat algemeen genoem word “tradisie” (Mark 7:3), en (3) om sekere kenmerke van die rituele en seremoniele vereistes van “die wet” uit te rek en afvorseer selfs na die kruisiging plaasgevind het, toe die seremoniele vereistes verval het/uitgedien geword het. Hierdie punte was sonder twyfel in Paulus se gedagtes toe hy hierdie brief geskryf het. Die woord “wet”, soos gebruik deur Paulus in die boek Galasiers, sluit beide die morele wet (10 Gebooie) en die seremoniele wet in. Paulus is egter nie sosseer bekommerd oor beide van hierdie nie as met die Joodse regstelsel van “geregtigheid deur werke”.

“*…onder die vloek…”* – Die wet van Moses was vergesel deur wonderlike seëninge vir gehoorsaamheid (Deut 28:1-14) en vreesaanjaende vloeke vir ongehoorsaamheid (Deur 27:15-26; 28:15-68). Die geringste afwyking van die vereistes van die wet was voldoende om die vloek te betree. Wettiesheid het uiteindelik versleg tot ‘n moeisame moeite om te verhoed om die vloek van die wet te betree. (Mar 7:3). Maar selfs deur die vloek van die wet te verhoed kon ‘n mens, op sy beste, slegs ‘n wetlike geregtigheid bereik. Hy sou steeds nie noodwendig ‘n status van geregtigheid voor God kon bereik nie.

“*…daar is geskrywe…”* – Paulus haal Deut 27:26 aan en toon daardeur aan dat die bindende krag van hierdie vers **nie verminder het nie**. Die woorde “dit is geskrywe” was ‘n algemene Joodse manier van inleiding voor hulle iets, wat in die kanonieke geskrigte geskryf was, sou aanhaal. Die gedeelte wat Paulus aanhaal in Deut 27:26 lees so: “*Vervloek is hy wat die woorde van hierdie wet nie hou om dit te doen nie*…”

“…*boek van die wet*…” – “Die wet” was die algemene titel, wat die Jode van Nuwe Testamentiese tye, op die geskrifte van Moses toegepas het (Luk 24:44). Hier word moontlik verwys na die boek Deuteronomium in besonder, wat sommige kere die *boek van die wet* genoem is. Soos genoem is die aanhaling soos dit in Deut 27:26 verskyn, waar dit in die *negatiewe* vorm verskyn “…*hy wat die woord van hierdie wet nie hou nie*…” Paulus keer dit om en maak dit egter positief: “…*almal wat uit die werke van die wet is, is onder die vloek” (*vergelyk Rom 2:7). Diegene wat hulle rug draai op God se plan van verlossing deur geloof kan nooit die minimum vereistes van die wet aan voldoen nie. Hulle pogings is tot mislukking gedoem.

**Opsomming:**

Die vloek van die wet - Die vloek (Deut 27:26) is die loon van die sonde naamlik die ewige dood (Ese 18:20; Rom 6:23). Hierdie vloek is/ bly op diegene:

1. Wat…(nog steeds) "*nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie*" (NT gelowiges moet mooi kyk wat Paulus hier sê: Hy sê nie dat korrekte *morele* wet onderhouding (vanuit die gees/ vanuit die hart), nou 'n vloek geword het *nie*!)
2. Wat… deur eie verdienste/wetsonderhouding verlossing wil bewerk.
3. Wat…deur 'n goeie lewe verlossing wil bewerk.
4. Wat…bygevoegde (buite Bybelse) wette onderhou om daardeur verlossing te help bewerk.
5. Wat…aspekte van uitgediende seremoniele wette steeds te onderhou selfs na die kruis, om daardeur verlossing te bewerk. (Mense wat nie Christus in die wet raakgesien het nie is onder die vloek – menigte gelowiges in Heb 8 getuig dat die regte verstaan en onderhouding van die OT wette hulle tot regverdigmaking gebring het.)

Ja – ons was almal onder die tugmeester, die wet…dit is die vloek - Die tugmeester verwys slegs na die seremoniele wet wat na Christus verwys het. Die tugmeester verwys nie na God se *morele* wet nie. Noudat Christus (die groot Antitipe) gekom het is die tugmeester (tipe) nie langer nodig nie. Christus se bediening, lewe en leer getuig dat ons die wet van God/wil van God *moet* eerbiedig en soos Hy vanuit die hart uitlewe (Hom daarin navolg/nastreef).


Gal 3:13 sê Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word." - Sien volgende illustrasie wat Gal 3:13 bedoel:




Die "vloek van die wet" handel oor die verbreking van die wet van God. Die verbreking lei tot die vloek en volgens Ese 18:20 is dit die dood (sien ook Rom 6:23). Die verbreking van die wet van God is volgens 1 Joh 3:4 'n daad van wetteloosheid, en wetteloosheid is 'n "miskenning van behoorlike gesag" (die gesag van die Skepper God van die hemel en die aarde – Exo 20:1-2, 11)

NOOIT mag daar gesê word dat "die vloek van die wet" is op diegene wat God se gesag eerbiedig en wat Sy uigesproke wil/*morele* wet vanuit die hart, in God se krag, handhaaf nie!

Hierdie hele punt word in hierdie illustrasie uitgebeeld (Sien links bo en links onder. Sien dan regs bo en regs onder):





**37. 00:17:07-00:17:20**
"Ek kan dit byna nie verstaan dat 'n regdenkende Christen die seën van die HERE sal verruil vir die vloek van die wet nie."

Die "vloek van die wet" handel oor die verbreking van die wet van God. Die verbreking lei tot die vloek en volgens Ese 18:20 is dit die ewige dood (Rom 6:23). Die verbreking van die wet van God is volgens 1 Joh 3:4 'n daad van wetteloosheid en wetteloosheid is 'n miskenning van behoorlike gesag (die gesag van die Skepper God van die hemel en die aarde – Exo 20:1-2, 11)

Die seën van die HERE bly steeds op diegene wat God se gesag eerbiedig en wat Sy uigesproke wil/*morele* wet vanuit die hart, in God se krag, handhaaf. (Sien die vorige illustrasie)

*Die volgende illustrasie* wys hoe OT en NT *beleide* (skynheilige) gelowiges beide in *ongehoorsaamheid* die vloek van die wet (die ewige dood) probeer vryspring:




Skynheilige beleide gelowiges openbaar dieselfde karakter as Kain van ouds. Wat was Kain se probleem, en hoe stem dit ooreen met die probleem van die oorgrote meerderheid mense vandag?

Vanaf die begin probeer die mens die pad terugvind na God, en die vraag, "*Hoe sou dan 'n mens regverdig wees by God?*" (Job 25:4), word oor en oor gevra sedert sonde die wêreld ingekom het. Maar, tragies om te besef, deur hul eie idees te volg, het die mens in die algemeen die ware weg gemis...

Toe ons eerste ouers in sonde geval het en hul wit kleed van onskuld en geregtigheid verloor het, het hulle probeer om hul naaktheid te bedek deur vyeblare aanmekaar te werk vir klere. "Dit is wat die oortreder van God se wet gedoen het sedert die dag van Adam en Eva se ongehoorsaamheid...Hulle trek die kledingstukke wat hulself uitgedink het aan, deur werke van hul eie het hulle probeer om hul sondes te bedek, en hulself so probeer aanvaarbaar maak vir God." COL 311.

Die stryd tussen Kain en Abel was nie beperk net tot daardie twee broers nie; dit duur voort regdeur die godsdienstige geskiedenis. " Abel was vasberade om God te aanbid volgens God se voorskrifte. Dit het Kain mishaag. Hy het geglo sy eie planne was die beste, en dat die Here weldra dit só sou aanvaar. Kain het in die bring van sy offergawe nie sy afhanklikheid van Christus erken nie. Hy het geglo sy vader Adam was hardhandig behandel deurdat hy uit Eden verdryf is. Die gedagte om daardie sonde gedurigdeur voor oë te bring, deur die aanbieding van die bloed van die geofferde lam as 'n beleidenis van totale afhanklikheid op 'n krag buite homself, was foltering vir die opgewekte gees van Kain." TM 77, 78. "Die uiterlike voorkoms van hul geloof was dieselfde tot op 'n sekere punt; maar verby daardie punt was die verskille groot...Abel het geloof en gehoorsaamheid gekies; Kain, ongeloof en rebellie." PP 72. Die oorgrote meerderheid volg nog altyd die weg van Kain. Hulle sê vir hulself, "Ek is 'n sondaar, maar ek is nie slegter as ander sondaars in die wêreld nie. Ek weet ek doen dinge wat ek nie moet doen nie, maar almal doen verkeerde dinge. God sal weldra 'n spesiale toegewing moet maak; Hy sal sy standaard moet verlaag voor Hy enigeen van ons in die hemel kan inkry; anders sal niemand gered kan word nie. Hy weet ek probeer tog my beste." Dit is hoe baie mense hulself bedrieg, en daar is nie 'n groter misleiding as self-misleiding nie. [Vry vertaal]

Is hierdie twee verse nie steeds baie van toepassing op ***vandag*** se nardnekkige *beleide* gelowiges nie?

| | |
|---|---|
| *"…en my volk, oor wie my Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en my aangesig soek en hulle bekeer van hul verkeerde weë, dan sal Ék uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees."* II KRONIEKE 7:14 | *"…So spreek die HERE: Staan op die weë, en kyk en vra na die ou paaie, waar tog die goeie weg is, en wandel daarin; en julle sal rus vind vir julle siel. Maar hulle het gesê: Ons wil daarin nie wandel nie."* JEREMIA 6:16 |

**PASOP!**




38. 00:17:20-00:18:20
"Sesde gevaarzone: Gal 5:4 – Julle wat geregverdig wil wees deur die wet is losgemaak van Christus. Julle het van die genade verval…as julle jul laat besny dan sal Christus vir julle tot geen nut wees nie. As jy jou laat besny is jy onder verpligting om dan die hele wet te onderhou."

Die tema van die brief aan die Galasiers is *geregtigheid verwerf deur geloof in Jesus Christus*. Hierdie word in kontras gestel met die Joodse konsep van *geregtigheid verwerf deur die nakoming van die "werke" soos voorgeskryf deur die Joodse wetlike stelsel*.

- Die brief verhef wat God gedoen het deur Christus vir die mens se verlossing, en verwerp summier die idee dat die mens kan geregverdig word deur sy eie verdienste.
- Die brief roem op die vrye gawe van God in kontras met die mens se pogings om homself te red.

Die spesifieke vraagstuk tussen Paulus en die ketterlike onderwysers in Galasië was, "Sal die nakoming van die voorgeskrewe vorms en vereistes van Judaisme die mens geregtig maak tot Goddelike guns en aanvaarding?" Die kategoriese antwoord was NEE, "die mens word nie geregverdig deur die werke van die wet nie, maar deur die geloof in Jesus Christus."

Inderdaad, die Christen wat probeer om verlossing te bewerk deur die "werke van die wet" verbeur daardeur die genade van Christus. As "kinders van die belofte" (hrst 4:28) is Christene "erfgename"

(hfst 3:6,7,14,29). Deurdat hulle nuwe skepsels in Christus is (hfst 4:7; 6:15), "gelei deur die Gees" (hfst 5:18) en deur Christus wat in hul harte woon deur geloof, en God se *morele* wet geskryf op die hart (Gal 2:20; Heb 8:10), is hulle nie langer, soos onvolwasse kinders, behoewe aan 'n "tugmeester" om hulle te lei nie (Gal 3:23-26; 4:1-7). Dit terwyl die Jode gespog het van geregtigheid wat hulle kansuis verdien het deur hulle moeitevolle arbeid om God se wet te onderhou (Rom 2:17; 9:4). Christene erken dat hulle geensins iets het om op te roem nie behalwe die verlossende krag van "*die kruis van onse Here Jesus Christus*" (Gal 6:14).

Daar is 'n gevaar vandag om aanhangers van die "letter" van die morele wet te wees sonder om die gees daarvan te betree (Mat 19:16-22; Gal 5:17-22), netsoos daar in die tyd van Paulus deelname was aan die offer stelsel sonder om te besef dat dit simbolies heengewys het na Christus. Tot watter mate ookal, daarom, val die modern Christen ook in hierdie strik om te probeer om hulself te red deur hul menslike pogings om die *morele* wet te onderhou. Hulle val van die genade en word "verstrengel" in die "juk van diensbaarheid" (Gal 5:1,4). Vir diesulkes het Christus tevergeefs gesterwe (Gal 2:21). Die waarskuwing van die boek van Galasiers is op hulle van toepassing (Sien die illustrasie in Punt 8: SKYNHEILIGE WETSONDERHOUERS).

Die Christen onderhou die *morele* wet, nie om verlossing daardeur te verkry nie, maar omrede hy reeds gered is. **Slegs 'n geredde kan dit onderhou, want Christus woon binne hom**. Die waarskuwing geld ook vir diegene wat dink om 'n hoër vlak van geregtigheid voor God te bereik deur die noukeurige nakoming van mensgemaakte regulasies aangaande Christelike gedrag, soos bv. aantrek en dieet. Hulle maak dieselfde fout as die Jode van Christus se dag (Rom 14:17, Mark 7:1-14). Ander betaal tiendes, woon kerk by, hou selfs die Sabbat, onder die ulisie dat hulle *daardeur* meriete verdien in die aangesig van God. Dit is wel waar dat die Christen getrou sal bly aan al die goddelike vereistes, maar hy sal so doen, nie in die hoop om guns te verdien in die aangesig van God nie, maar omrede, as 'n seun van God, deur geloof in die reddende genade van Jesus Christus, dit die hoogste vreugde en geluk is om sy lewe te orden in harmonie met die uitgesproke wil van God (Mat 7:21-27).

39. 00:18:20-00:18:29
"Ek bly liewer in die genade."

Verstaan wat dit beteken om in die genade te bly. Die Christen wat die voorwaardes van die Nuwe Verbond nakom "bly in die genade".

Wat is die teken van die Genade waarop ons aanspraak maak dat ons daaronder is en daarin staan/wandel? Dit teken dat ons wel onder God se genade is (en in Sy rus is) kom in die *morele* wet voor: Dit is sabbatonderhouding.

"*En die kinders van Israel moet die Sabbat onderhou deur die Sabbat te vier in hulle geslagte as 'n* ***ewige verbond****. Tussen My en die kinders van Israel is dit* ***vir ewig 'n teken****; want in ses dae het die Here die hemel en die aarde gemaak, maar op die sewende dag het Hy gerus en Hom verkwik*." (Eksodus 31:16,17; Lees ook Openbaring 14:6,7; Eksodus 20:8-11)

Ingeval jy gewonder het of hierdie vereiste net vir die *letterlike* volk van Israel bedoel was: "*As julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename*." (Galasiërs 3:29). "*Hulle is Israeliete aan wie die aanneming tot kinders behoort en die heerlikheid en die verbonde en wetgewing en die erediens en die beloftes*." (Romeine 9:4)

Sabbatonderhouding het te make met die fees van ongesuurde brood (verwysend na: Jesus, sondeloosheid, Jesus sien nie verderf nie, Jesus rus op die Sabbat, ontsondiging, heiligheid en heiligmaking). Verder handel sabbatonderhouding oor *ware* Skepper God aanbidding, ware liefde teenoor God en teenoor ons naaste (Die sabbat gebod is die *kern* van groot gebod, Mat 22:36-40)

Deur aanspraak juis te maak dat ons onder God se genade is is om die sabbatgebod in gees en waarheid te onderhou.

40. 00:18:29-00:19:40
"Hoe is dit moontlik dat 'n Christen kan terugkeer na 'n gekanselleerde testament (die wet en die Sabbat)? Of terugkeer na die skaduwees? Of weer 'n sluier oor jou aangesig (hart) sal plaas? Of die bediening van die dood sal wil aankleef? Of onder 'n vloek wil instap? Of van Christus losgemaak wil word? Kan u die gevaar sien mense? Van 'n misleiding wat in ons dag soveel opregte Christene in sy greep kry..."

Daar is wel gevaar dat mense terugbeweeg binne in hierdie gevaar zones in. Hierdie is egter mense wat God se verlossingsplan verkeerd verstaan en met die verkeerde ingesteldheid godsdienstig (wetties) is.

Daar is 'n ander groep (wat ons *almal* moet wees) wat in heerlikheid wil toeneem en die wet, die 10 gebooie, sien in die ware lig, soos Jesus ons kom toon, leer en uitleef het, wat in ware agape liefde wil toeneem deur God en hul medemens lief te hê soos God dit werklik bedoel en Sy karakter aankleef en deelagtig word, God se perfekte wil verstaan, doen, en God se heerlikheid sien en self daarin toeneem.


Die volgende illustrasie wys die Ark waarin die Verbond gehou was: Die ark van die Verbond was 'n soort visuele uitbeelding van Christus Jesus se attribute. Hierdie uitbeelding is vir ons bedoel om daarin op te groei en Sy beeld deelagtig te word.

Hoe meer ons ons behae in die wet van die Here vind, dit dag en nag oordink (Ps 1:2, Ps 119) hoe meer sal ons met onbedekte gesig soos in 'n spieël die heerlikheid van die Here aanskou...en hoe meer sal ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlikheid tot heerlikheid...deur die werking van die Heilige Gees (2 Kor 3:17-18).

In die Nuwe Testament het hierdie visuele uitbeelding ***vlees geword*** en onder ons kom woon. Sy naam is Jesus Christus (Joh 1:1-5, 9-14). Geen van die karakter eienskappe van God is uitgedien nie (wat elkeen in die Bybel as 'n kenmerk van die *morele* wet van God beskryf word). Die ark van die Verbond en die Versoendeksel bo-op is 'n beskrywing van God op Sy genade troon. Die *morele* wet (binne die ark) vorm die fondasie van God se karakter en Koninklike heerskappy (Hy is goed, heilig, regverdig, waar, ewig, perfek, enosmeer). **Die *morele* wet kan dus nooit aan die kruis genael gewees het nie – dit is ewig onveranderlik deel van wie God self is.**

Jesus Christus het hierdie karakter (in die *morele* wet te siene) perfek kom uitleef/demonstreer vir die mens om *netso* ook na te streef, en uit te leef (Open 14:12). Die uitleef daarvan het God se heerlikheid ten toon gestel, en is God daardeur ook verheerlik. Diesulkes wat self die morele wet sal aanskou, liefhê en in gees uitlewe (vanuit die wil/hart/DNA) sal meegaande ook die heerlikheid van God self deelagtig word, ten toon stel, en God daardeur verheerlik (Open 14:6).

(Die illustrasie lig slegs God se heerlikheid en karakter uit)




41. 00:19:40-00:20:01
“Nou is daar ‘n sekere groep wat sê die Rooms Katolieke kerk het die Sabbat verander in die 4de eeu vanaf die Saterdag na die Sondag. Wat die Rooms Katolieke kerk gemaak het… is hulle saak.”

Wanneer ons al die eindtyd profesieë in Daniel bestudeer dan sien ons dat die Rooms Katolieke Pousdom die ware godslasterlike antichrist sisteem is. Daniel profeteer dat hierdie sisteem met God se *morele* wet sal probeer peuter: "*En hy sal woorde spreek teen die Allerhoogste en die heiliges van die Allerhoogste mishandel; en hy sal probeer om tye en wet te verander, en hulle sal in sy hand oorgegee word gedurende 'n tyd en tye en die helfte van 'n tyd*." Dan 7:25

Die **deeglike** studie van Daniel en Openbaring, saam met die bewyse wat ons kry in die laaste 4000 jaar se opgetekende geskiedenis, bevestig dat Daniel *spesifiek* na die Roomse Katolieke Pousdom sisteem verwys het. Die veranderinge wat die Pousdom wel aan God se *morele* wet gemaak het kan ons dus nie aflag, of maak asof dit ons nie traak nie – ons *moet* daaraan aandag skenk en sien hoe hierdie sisteem, deur sy handeling en manipulasie, die mensdom wêreldwyd gekry het om sy beker van ongeregtigheid te drink, en daardeur God te minag en van Sy gesag ontneem het. Die laaste waarskuwings boodskap aan die mensdom is om uit hierdie sisteem se misleiding uit te kom (Open 14:6-12). Dit is juis eindtydgebeure.com se uitsluitlike doel om hierdie waarskuwing te bring aan elke mens met ‘n leerbare gees. Hierdie video is ‘n baie goeie inleiding om die agenda en invloed van die katolieke Pousdom (antichrist) binne die Christen kerk te verstaan. Kyk asb.

Maak ‘n punt om die profesieë van Daniel en Openbaring te bestudeer vanuit ‘n Protestants- historiese metode van profetiese vertolking (die enigste korrekte metode van profetiese vertolking). Moenie die waarheid rondom die Katolieke Pousdom as die ware antichrist ignoreer of afmaak as onwaar nie!

42. 00:20:01-00:20:20
“Vir my is dit belangrik om te weet dat reeds in die tyd van die vroeë kerk in die eerste eeu die Christelike kerk die Sondag gehou het as die dag van die opstanding van Christus…watookal die Roomse kerk in die 4de eeue sou gedoen het.”

A. Nie Mattheus, Markus, Lukas of Johannes het Jesus se leering, aan Sy dissipels aangaande Sondag viering, opgeteken nie. Hoekom nie?

**<u>Volgens oorlewering</u> *<u>moes</u>*** Jesus iewers in Sy aardse bediening die volgende woorde tot Sy dissipels spreek: "*Manne, julle het dit oor en oor gehoor dat Ek Jerusalem toe gaan om oorgelewer te word, doodgemaak te word en op die derde dag uit die dood gaan opstaan. Ek wil hê dat wanneer dit gebeur julle die heiligheid van die 7de dag Sabbat oordra na die 1ste dag en van My opstandings dag af verder altyd die eerste dag eerbiedig en gedenk as My opstandingsdag. Noem dit dan "die dag van die Here". Ek gaan die Belofte van die Vader ook op daardie dag aan julle skenk en dit is 'n verdere rede om die 1ste dag van die week altyd te heilig. Leer julle volgelinge hierdie belangrike nuwe gebod maar moenie dit pertinent iewers aanteken of opskryf nie. Dra dit net mondelings oor*…"

Die 7de dag Sabbat is deel van die *morele* wet/10 Gebooie. Die 10 Gebooie is God se direkte wil: dit wys wat sonde is, dis 'n refleksie van God se karakter, en is die maatstaf wat God gebruik in Sy oordeelswerk.

Die Sabbat was 'n *uiters* belangrike dag vir God in die Ou Testament met diep betekenis daaraan verbonde. Dit was só heilig dat diegene wat dit oortree het met die dood gestraf is. (Die Sabbat is steeds 'n uiters belangrike dag)

Vraag: Sal die Heilige Gees, die Skrywer van die Bybel nie die kansellering van hierdie uiters belangrike Gebod en die vervanging met 'n nuwe gebod, met nuwe betekenis, *duidelik* laat opteken deur die 4 Evangelie skrywers nie? Hoekom sal Hy daaropvolgende geslagte laat wonder oor hierdie belangrike verandering?

Die Heilige Gees se hoof rol is om gelowiges aan die waarheid te herinner, en na die volle waarheid te lei. As Hy nie hierdie verandering laat opteken het nie en Hy ons moet herinner aan die verandering van die 4de Gebod, hoe gaan Hy dit moet doen? Deur die mondelingse oordra daarvan? Nee.

**Die punt is**: Die Heilige Gees het dit nie laat opteken nie want Jesus het dit nooit aan Sy dissipels geleer nie. Die verandering van die 4de Gebod vanaf die 7de dag na die 1ste dag is suiwer trandisie en 'n <u>buite Bybelse</u> verordening.

Jesus se voorbeeld, Sy hele lewe lank, was dat Hy Sy eie wet geeer en gehandhaaf het. Hy het deur Sy voorbeeld van hoe om die Sabbat te onderhou Sy dissipels geleer. Jesus se *korrekte* uitleef van Sy 4de Gebod het Hom die toorn van die geestelike owerhede op die hals gehaal.

Die Heilige Gees herinner ons wel vandag om ook die 4de Gebod te onderhou met die woorde:

"*"Onthou om die Sabbatdag vir God te vier. Ses dae lank kan jy met jou daaglikse werk aangaan. Die sewende dag is die Here jou God se rusdag. Niemand in jou huis mag op daardie dag aangaan met gewone werk nie. Dit sluit in: jy, jou seuns en dogters, jou manlike en vroulike slawe, die vee wat aan jou behoort en alle buitelanders wat by jou oorbly. Die Here het in ses dae die hemel, die aarde, die see en alles wat daarin is, gemaak. Op die sewende dag het Hy tot rus gekom. Om daardie rede het die Here die sewende dag geseën en vir Homself eenkant gesit as sy heilige dag."* Eksodus 20:8-11 NLV

Sal jy uit 'n dankbare hart vir God se genade en liefde jou liefde aan God betuig en Sy 4de Gebod vanuit die letter en gees onderhou? <u>Kyk na hierdie Facebook blad vir goeie insigte rondom die Sabbat gebod</u>

B. Daar is in totaal 8 verse in die Nuwe Testament waarin die 1ste dag van die week vermeld word. In nie een van hierdie verse kan mens aflei dat die Sabbat se heiligheid oorgedra is na die 1ste dag (of as 'n opdrag uitgevoer moet word) nie.

**"Nog nooit het enige mens die Bybel bestudeer en tot die slotsom gekom om die Sabbat gebod op die eerste dag van die week te onderhou nie" – Onbekend**

[Kyk weer na die enigste 8 verse in die Bybel wat handel oor die Sondag](). In nie een van hierdie verse kan afgelei word dat die Sabbat gebod oorgedra is van die 7de dag na die 1ste dag nie

43. 00:20:20-00:23:23
“Natuurlik het die Apostels aanvanklik op die Sabbat gepreek, want hulle het die Evangelie aan Jode gepreek om mee te begin, en hulle het op die 7de dag bymekaar gekom. Maar nadat die kerk begin versprei het, en die heiden nasies ingekom het, het hulle net so goed op die Sondag begin bymekaar kom (die 1ste dag van die week), want dit is die dag waarop Jesus opgestaan het. Sien Hand 20:7; 1 Kor 16:1-2 en verder (1ste dag hulle finansies bemekaar bring).
Rom 14:5 (beginsel)…die een ag die een dag bo die ander dag, die ander al die dae gelyk…laat elkeen in sy eie gemoed ten volle oortuig wees.
Ek hou selfs soms op Maandae kerk. Watter dag is dit vandag? (Maandag) Vraag: Mag mens op Maandag preek? Kan mens op die Dinsdag bymekaar kom om die HERE te dien? Die een ag die een dag… die ander een ag al die dae. Dis wat ek lankal in my hart besluit het: Ek dien die HERE op ‘n Maandag…ek dien die HERE op ‘n Dinsdag…op die Woensdag, Donderdag, Vrydag, Sabbat, Sondag…Ek behoort aan die HERE. Hy het my gekoop. Geen Sondag Christenskap vir my nie. Geen Sabbat Christenskap vir my nie. Ek dien God elke dag van my lewe.”

Sien Hand 20:7; - *“En op die eerste dag van die week, toe die dissipels vergader het om brood te breek, het Paulus hulle toegespreek, omdat hy die volgende dag sou vertrek, en hy het sy rede gerek tot middernag toe.”*

- Indien Lukas, die skrywer van die boek Handelinge, Joodse dag en tydsberekening gebruik het, dan het hierdie vergadering die Saterdag aand plaasgevind (Joodse dag en tydsberekening bepaal dat die eerste dag van die week reeds Saterdag net na sonsondergang begin het). Die vergadering was in die aand want Paulus “…*het sy rede gerek tot middernag toe.”*

  Vraag: Volgens Westerse dag bepaling - was hierdie ‘n **Saterdag aand** vergadering (tot op middernag) of ‘n **Sondag aand** vergadering (tot op middernag)?
  Die New English Bible vertaal dat hierdie vergadering letterlik die Saterdag aand plaasgevind het: “*On the Saturday night, in our assembly for the breaking of bread, Paul, who was to leave next day, addressed them, and went on speaking until midnight.”*

  Indien Lukas die *Joodse* manier van dag en tyd berekening gebruik het was hierdie ‘n vergadering wat op die 7de dag plaasgevind het (Saterdag aand tot middernag, wat in Joodse berekening reeds die 1ste dag is). Indien dit die geval was watter logika bepaal dat ‘n Saterdag aand vergadering geinterpreteer word dat alle Christen vergaderings voortaan op ‘n Sondag oggend of Sondag aand gehou sou word? Die volgende punt maak dit duidelik dat hierdie ‘n gewone byeenkoms was en nie die uitvoering van ‘n veronderstelde “nuwe goddelike instruksie” nie.

- Was hierdie vergadering ‘n plegtige Erediens, soortgelyk aan ‘n preek wat op die Sabbat normaal gehou sou word? *Nee.*
  Paulus het die dissipels *“toegespreek”.* Die woord toegespreek in Grieks (dialégomai) beteken “gesels” (to converse) en “bespreek” (to discuss).

  > *1256 /dialégomai ("getting a conclusion across") occurs 13 times in the NT, usually of believers exercising "dialectical reasoning." This is the process of giving and receiving information with someone to reach deeper understanding – a "going back-and-forth"*

*of thoughts and ideas so people can better know the Lord (His word, will). Doing this is perhaps the most telling characteristic of the growing Christian!*

Die woord vir "preek" in Grieks (kērýssō) beteken om "te verkondig" (to herald). (Luk 4:18; 2 Tim 4:2)

*2784 /kērýssō ("to herald") refers to preaching the Gospel as the authoritative (binding) word of God, bringing eternal accountability to all who hear it.*

Die vergadering was klaarblyklik nie 'n gewone kerk byeenkoms met 'n preek nie, maar 'n informele een waarin redenering en gesprek by betrokke was om vrae te beantwoord en waarin moeilikhede opgeruim is tussen Christene te Troas, en onderrig te gee.

1 Kor 16:1-2 - "*WAT die insameling vir die heiliges betref, moet julle ook so doen soos ek vir die gemeentes van Galásië gereël het. Op elke eerste dag van die week moet elkeen van julle self opsy sit en opspaar namate sy voorspoed is, sodat die insamelinge nie eers plaasvind as ek kom nie*."

Hierdie vers word gereeld genoem ten gunste van Sondag aanbidding. Wanneer dit egter in die konteks van die apostel se fondsinsamelings projek vir die armes van Jerusalem gebring word, kan dit gesien word dat dit handel oor die vermaning, vir die gemeentelede van Korinte, om sistematies te beplan vir hulle aandeel in die insameling vir die offergawe. Daar is *geensins iets* in hierdie vers wat enigsins voorstel dat daar iets heiligs verbind is aan die 1ste dag van die week nie.

Rom 14:5 (beginsel)…die een ag die een dag bo die ander dag, die ander al die dae gelyk…laat elkeen in sy eie gemoed ten volle oortuig wees - Gedurende die tyd wat Paulus hierdie brief aan die Romeine skryf was daar beide Jode en Heidene wat tot geloof in Christus gekom het. Beide groepe was besig om uit hul verskeie godsdiens vorms uit te kom. Beide moes in geloof sekere geloofs-tradisies agterlaat om die ware lewe in Christus ten volle te kon aankleef – die oorgang was met groot versigtigheid beheen en natuurlik het die proses nie pynloos verloop nie.

In beide groepe was daar gelowiges wat die oorgang maklik gevind het en ander minder maklik. Diegene wat maklik die ou tradisies verruil het vir die ware Christen lewe was die "sterkeres", terwyl die wat dit moeiliker gevind het die "swakkeres" was. Paulus praat hard tot beide die sterk en die swakkes en vermaan beide om te fokus op broederskap, eenheid, liefde en vrede tydens hierdie oorgangs periode.

**Die Joodse Christene** moes seremoniele tradisies opgee waarvan die jaarlikse sabbatte een was. Die wat sterk was het maklik die 7 jaarlikse sabbatte prysgegee terwyl die wat swakker was in hul gewete nog nie self oortuig was dat dit reg was om dit op te gee nie. Hierdie seremoniele sabbatte kon op enige weeksdag val en vir die sterkes was hulle ten volle oortuig dat die een weeksdag dieselfde is as die volgende. Die swakkes was nie ten volle oortuig nie maar deur die inwerking van die Heilige Gees sou hulle in liefde en geduld weldrae by die besef kom dat hierdie dae nie langer 'n plek het in die nuwe Christelike lewe nie, en nie belangrik is vir hulle saligheid nie.

Verder het die Joodse Christene ook buite Bybelse vasdae tradisioneel onderhou. Dit was gebruiklik vir Jode om op Maandae en Donderdae te vas. Individue het egter (na die verwoesting van die Tempel) dit op hulself geneem om *elke* Maandag en Donderdag te vas. Binne die Joodse kringe het dit konflik veroorsaak want almal was nie oortuig van dat hierdie weeklikse vasdae bindend was nie. Verder, indien hierdie weeklikse vasdae met die Heidense Gelowiges gedeel word sou dit ook gewetensprobleme by hulle veroorsaak het, siende dit buite bybelse praktyke was. Die punt wat Paulus rondom tradisionele weeklikse vasdae moontlik wou maak is dat die hou van die weeklikse vasdae nie bindend was nie en kon gelowiges in vryheid kies of hulle daaraan wou deelneem en ook self besluit op watter weeksdae hulle sou wou vas.

Paulus vermaan die sterkes in geloof: Die sterkes moes die swakkes hierin liefdevol ondersteun en nie met hulle stry omrede hul opvattings van mekaar verskil het nie (14:1). Die sterkes moes nie die swakkes in geloof verag nie (14:3a) of neerkyk op hulle nie (14:10b), of veroorsaak dat die swakkes gegrief is deur wat die sterkes eet nie (14:13 & 21) – want dan handel hulle nie uit liefde nie (die hoof fokus, ten alle tye, V17 & 19). Die sterkes moet nie dat hul sterker geloof van sleg gepraat word (14:16) deur die swakker broer se geloof te laat skade ly, nie.

Paulus vermaan ook die swakkes in geloof: Die swakkes daarenteen moes nie die sterkes veroordeel nie maar moes fokus om die liefdesband te bewaar (V14:3b; 4, 10a). Die swakkes moes absoluut oortuig wees voordat hulle dade doen wat nie met hul gewete saamgestem het nie (14:22,23).

Paulus vermaan beide die sterkes en swakkes: Die sterkes en die swakkes moes eerder daarop fokus om 'n besluit te neem om so te leef dat hulle nie die oorsaak sal wees dat hul broer sou val of struikel nie (V13). Beide moes verstaan dat die koninkryk van God nie handel oor wat geeet of gedrink word nie maar dit handel oor reg handeling (in geregtigheid leef), (14:17), om op vrede en liefde ten alle tye gefokus te wees (V19).

**Die Heidense Christene** daarenteen, moes sekere bygelowe opgee rondom kos en drank wat aan afgode geoffer was. Paulus verklaar dat hierdie bygelowe (om sekere kos nie te eet omrede dit aan gode gewy is) *ongeldig* is. Paulus verklaar dat binne die konteks van hierdie huidige kwessie geen kos of drank onheilig is nie (14:14a) maar dat die swakkes self ten volle oortuig moet word in hul gewete dat hulle wel die vleis en drank kan gebruik wat aan gode geoffer was (14:14b). Die heidene wat sterk was het maklik die kopskuif gemaak en met 'n oortuigde gewete die vleis en drank geeet alhoewel dit aan gode geoffer is. Die heidene wat swak was kon nie met oortuiging die vleis en drank gebruik nie en het slegs groente geeet. Paulus se bogenoemde vermanings aan die sterkes, die swakkes, en wat op beide van tepassing is, wat handel oor die dae kwessie, geld ook netso hier op die eet van kos wat aan gode gewy is (sien bo).

**Belangrik**:

- Nêrens in hierdie hoodstuk handel die kwessie oor die sewende dag Sabbat van die *morele* wet *nie*. Beide die Joodse Christene asook die Heidense Christene het die 7de dag Sabbat getrou geonderhou.
- Nêrens in hierdie hoofstuk handel die kwessie dat die verbod op eet van onrein diere nou opgehef is nie (Lev 23:1-44). [Die verbod op die eet van onrein diere is steeds geldig as deel van die gesondheids wette. Hierdie waarheid word egter nie hier verder bespreek nie]
- Nêrens in hierdie hoofstuk handel die kwessie dat die eet van groente 'n bewys is van 'n swakker geloof nie [Inteendeel: 'n dieet van groente, vrugte, neuter en peulgewasse is by verre bewys om gesonder te wees eerder as 'n omnivoriese diet. Hierdie waarheid word egter nie hier verder bespreek nie]

Ek hou selfs soms op Maandae kerk. Watter dag is dit vandag? (Maandag) Vraag: Mag mens op Maandag preek? Kan mens op die Dinsdag bymekaar kom om die HERE te dien? Die een ag die een dag… die ander een ag al die dae. Dis wat ek lankal in my hart besluit het: Ek dien die HERE op 'n Maandag…ek dien die HERE op 'n Dinsdag…op die Woensdag, Donderdag, Vrydag, Sabbat, Sondag - Die Amerikaanse Evangelis en welbekende spreker *TD Jakes* maak ook soortgelyke subtiele (humoristiese) aantuigings wat sinspeel dat Sabbat aanbidders God net op die 7de dag aanbid en op geen van die ander weeksdae nie – dis 'n verkeerde verstaan wat aanbidding werklik beteken.

Kyk ons na die betekenis van wat ware aanbidding is kan ons sien dat ons wel God elke oomblik van elke dag, as opregte gelowiges, aanbid. Daar is egter spesiale *komponente van aanbidding* wat God in die 4de gebod geplaas het, wat Hy ons vra om spesifiek op die 7de dag Sabbat te doen, naamlik om

self te rus en ook om ons naaste en ons diere ook te laat rus op die dag wat *Hy self geheilig het* (uitgesit het vir spesiale gebruik). Kyk ons dieper om die gees van die 4de Gebod te onderhou sal ons sien ons kan *nie* die 4de Gebod sommer net enige dag of selfs elke dag van die week beoefen nie want net een dag, uit die sewe, het God self heilig verklaar. Heilig beteken afgesonder. Wie het die reg om self te besluit watter ure van die week om "heilig" te verklaar? Niemand nie. God vra in die 4de Gebod dat ons op die 7de dag sal rus *omrede* Hy self op die 7de dag gerus het. Dit klink vir diegene wat net op die "letter" van die wet fokus as 'n onbenullige versoek en daarom besluit hulle (in hul eie wysheid) om enige dag die rus te probeer beoefen wat God spesifiek vra ons op *Sy dag* te beoefen. God vra verder in die 4de Gebod dat ons spesifiek al ons werk moet doen in die 6 oorblywende weeksdae sodat ons op *Sy dag* nie moet werk nie. Dit is weereens 'n onbenullige versoek vir diegene wat slegs die "letter" van die Gebod verstaan en nie dieper delf om die geestelike skat van hierdie Gebod te ontdek nie.

**Wat is die komponente van ware aanbidding?** Ons onderhou die 4de Gebod spesifiek omrede God die hemel en die aarde geskape het (die 4de Gebod is spesifiek daaroor, Eks 20:11). Die Sabbat gebod is 'n <u>weeklikse herdenking</u> van die Skeppingsweek asook God se heerlike skeppings mag. In 'n wêreld gevul met ateïste is hierdie Gebod die getuienis dat daar wel 'n Skepper God is. <u>Ware aanbidding</u> het dus temake met die aanbidding van die God wat geskep het, <u>die God van die 4de Gebod</u>.

Die eerste aspek van ware aanbidding is dus "Sabbat heiliging" (Sien illustrasie onderaan). Hierdie aspek van aanbidding vra God in die 4de Gebod om spesifiek op *Sy dag* te beoefen, die dag wat Hy self uitgesit en *geheilig* het: die 7de dag (Saterdag).

Ware aanbidding behels verder: Ons daaglikse woorde; ons daaglikse Bybelstudie; ons daaglikse dade; ons daaglikse gebede; die aanbidding saam met medegelowiges tydens die Erediens; en laastens aanbidding deur God in Sy skepping te ontdek (natuur bewondering).


Dit is duidelik dat baie aspekte van aanbidding *elke oombik van elke dag* gedoen behoort te word as deel van 'n geesgevulde Christen lewe. Daar is egter aspekte van aanbidding wat slegs op *God se dag* kan gebeur omrede Hy spesifiek in die 4de Gebod <u>spesifiseer</u> hoe en wanneer om dit te doen (nl. Sabbat heiliging en Erediens aanbidding).

**Aspekte van ware Skepper-God aanbidding:**




Ek behoort aan die HERE. Hy het my gekoop. Geen Sondag Christenskap vir my nie. Geen Sabbat Christenskap vir my nie. Ek dien God elke dag van my lewe." - Die vorige punt stem saam dat ons God elke oomblik van elke dag aanbid en dien deur ons woorde, dade, Bybelstudie en gebede maar dat ons gehoorsaamheid aan Sy spesifieke instruksies in die 4de Gebod ons wel sal noop om op *Sy heilige dag* self te rus en ook ons medemens en dier te laat rus.

Om te "rus" het 'n veel dieper betekenis. Die volgende illustrasie lig hierdie punt bietjie uit:



44. 00:23:23-00:29:33 (einde van Video 2)

"Kom ons sluit die gesprek af met 'n verwysing na Heb 4 waar God die Sabbat verander het. Maar eers net hierdie byvoeging: Nadat Jesus teruggekom het na hierdie wêreld toe (met Sy wederkoms), gaan die volkere wat tydens die vrederyk op die aarde leef weer die Loofhutte fees vier. (Sag 14) maar ons leef nie nou in daardie tydperk nie. Volgens Jes 66 (onderleiding van Israel) sal die Sabbat tydens die vrederyk hier op aarde weer gehou word. Dis omrede God in die besonder met Sy Ou Testamentiese verbondsvolk (van Israel) gaan deel vanaf die wederkoms en verder. Dan het ons (Nuwe Testament gelowiges) reeds uit die dood uit opgestaan.

Die waarheid oor die verloop van wat gebeur tydens Jesus se wederkoms en daarna verskil van die misleidende gedagte wat hier gedeel word.

Wat gebeur tydens Jesus se Wederkoms?

- Die tweede koms van Christus sal heerlik en sigbaar wees. Hierdie vurige gebeurtenis sal alle ander eindtyd gebeure gewoon laat lyk! Vergesel deur biljoene magtige engele sal Jesus terugkeer in groot heerlikheid om Sy volk te verlos. Daar sal geen "stil" wegraping wees soos wat menigtes glo nie want die Bybel verklaar duidelik dat *elke oog* Jesus se terugkeer sal sien, en dat Sy tweede koms vurig en oorverdowend sal wees (Matt 24:27; 1 Thess 4:14-17; Matt 24:30-31; Openb 1:7; 2 Pet 3:10).
- Tydens Jesus se wederkoms sal die grafte oopgaan en die geregverdiges sal opstaan met verheerlikte liggame. Tesame met die heiliges wat deur die groot verdrukking gegaan het en steeds leef, sal hulle Jesus tegemoet gaan in die lug: … 1 Thess 4:16-17 "*Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees.*" Die oorblywende dooies (verlorenes) sal nie weer lewe tot die 1000 jaar verby is nie: Openbaring 20:5 "*En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie…*"
- Die ongeregtiges, wat die sewe laaste plae oorleef, sal vernietig word deur die helderheid van Sy koms (Jes 24:6; Luk 17:29-30; 2 Thess 1:7-10; Open 6:15-17). Daar is geen tweede kans vir hulle nie (Jes 26:10; Jer 8:20; Luk 13:24-28; 2 Kor 6:2)
- Die hele aarde sal verwoes en verlate wees (Jes 13:6-13; Jer 4:23-25; 2 Pet 3:10)
- Die 1000 Jarige Millennium: - Nadat Christus teruggekeer het tydens Sy wederkoms en die heiliges opgewek is, neem Hy hulle na die Hemelse Koninkryk en die Nuwe Jerusalem. Daar sal hulle woon vir 'n 1000 jaar terwyl Satan gebind is op die verlate aarde, met niemand om te verlei nie omrede al die bose gedood is tydens Christus se wederkoms. Ten spyte van die gewilde siening, vertoef die heiliges nie die 1000 jaar tydperk op die aarde nie.

Dis omrede God in die besonder met Sy Ou Testamentiese verbondsvolk (van Israel) gaan deel vanaf die wederkoms en verder - Die gedagte dat daar 'n kans oorbly vir die lewende onregverdiges na Jesus se wederkoms is eindtyd misleiding. Hierdie video wys dat die doktrine van die stil wegraping (en meegaande gedagte dat God 'n besonderse soort genade gaan bewys aan die OT verbondsvolk na die wederkoms) **geplant is** in die Christen kerke om die aandag weg van die ware antichrist te herlei. Sien 'n kort verduideliking hier.

Terug na Heb 4:1. Die skrifgedeelte sê: “Laat ons dan vrees dat terwyl die belofte om in Sy rus in te gaan nog stand hou dit nie miskein sal blyk dat iemand van julle agter gebly het nie, want aan ons is die evangelie ook verkondig net soos aan hulle maar die woord van die prediking het hulle nie gebaat nie”… (die Israeliete in die woestyn toe hulle uit Egipte gekom het) …“omdat dit by die hoorders nie met die geloof verenig was nie…want ons wat geglo het gaan die rus in soos Hy gesê het: daarom het ek in my toorn gesweer hulle sal in my rus nie ingaan nie alhoewel Sy werke van die grondlegging van die wêreld af volbring is…want Hy het êrens so gesê: En God het op die sewende dag van al Sy werke gerus. As mens vers 3 en vers 4 lees van Heb 4, dan sien jy die Skrywer praat van die Sabbat (die 7de dag van die week). Die dag, volgens vers 4, waarop God van Sy werke gerus het (dit is wat Gen 2:2 dan ook sê). En omdat God na die skepping op die 7de dag gerus het het Hy hierdie dag as ‘n rusdag aan die volk van Israel gegee (wat waar is). Maar nou gaan ons verder aan. En nou lees ons baie van hulle het nie in die rus ingegaan nie (bedoelende die rus van Kanaan)…en nou hier weer: Hulle sal in My rus nie ingaan nie (vers 6)…en omrede sommige nie ingegaan het nie bepaal Hy weer ‘n sekere dag naamlik vandag (soos David sê: vandag as julle Sy stem hoor verhard julle harte nie).

Die konteks van Hebreers 4:


Jesus Christus staan op 'n spesiale manier in die middel van die boek Hebreers. Sy werk namens ons as Hoëpriester in die hemel is fondamenteel vir die hele boodskap van Hebreers, en veral die ernstige tog pragtige beroep in verse 9 en 10.

In die vermanings binne hoofstuk 3 en 4 is die skrywer besig om met 'n groep Christene te praat, die swerwende volk van God wat, alhoewel hulle goed gegrond was in die geloof, begin moeg word het en die gevaar geloop het om heeltemal op te gee. Die skrywer skets vir hulle God se verlossings-geskiedenis vanaf die Skepping, deur die wildernis wandelinge van Israel, tot David se dag, tot Christus se dag, en uiteindelik tot hulle eie dag. Die skrywer moedig hulle aan om vas te hou aan hulle vertroue in Christus se werke, en waarsku hulle daarteen om nie te fouteer deur nie God se rus in te gaan nie, om nie dieselfde fout te maak as wat hul voorvaders gemaak het nie. Daarom, die basiese gedagte om reg te verstaan in Heb 4:9-10 handel oor die konsep van "God se rus".

Wat is God se "rus"? (Die woord rus in Hebreers is “shabat” en hierdie woord het meer diepte as die Afrikaanse woord “rus”. Kyk weer na die prent in punt 43 hierbo.)

Dit is duidelik dat *rus* nie verwys na die onderhouding van die sewende-dag Sabbat nie, of selfs die ingaan in die Beloofde Land in nie want Josua en die Israeliete het beide gedoen en het tog steeds nie die ware *rus* gevind nie (Neh 9:28). Die enigste manier om die ware rus te verstaan is om die skrywer se illustrasie te volg terug na die eerste Sabbat toe toe God na Sy voltooide werk gekyk het en gesê het "*dit is goed*." God het toe die dag geseën en gerus. God het nie alle aktiwiteite gestaak nie; daarom is die rus wat die mens ingaan nie een van ledigheid nie, maar eerder 'n rus waartydens behoorlike aktiwiteite plaasvind.

**Illustrasie: God het op die 7de dag gerus alhoewel Hy nie alle aktieiteite gestaak het nie (Joh 5:17).**





In die konteks van Heb 3 en 4 wys die skrywer na Christus se rus met voltooiing van Sy perfekte Skeppings-werk, maar ook na Sy rus met voltooiing van die perfekte werk tydens Sy aardse lewe, wat die basis is van die vaste vertroue wat elke gelowige het. Dit herinner ons aan Christus se uitroep, "*Dit is volbring*" (Joh 19:30), met voltooiing van Sy herskeppings-werk net voordat Hy in die graf gaan rus het op die Sabbat.

In Heb 4:9 gebruik die skrywer die besonders unieke woord "sabbatsrus" (Grieks: sabbatismos) as 'n beskrywende term om die mens se ingaan in God se rus (Grieks: katapausis) in te beskryf. Die sabbatismos in Heb 4:9 is nie 'n bewysteks vir *Sabbat onderhouding nie*, maar verseker bring die skrywer die dieper rus ervaring, waarin God Sy volk inroep, saam met die simbool van geloof wat God self ingestel het - die Sabbat. Die mens moet ingaan **deur geloof en gehoorsaamheid** in God se voltooide werk vir hom. Sy rus is nie in sy eie prestasies nie, maar in God sin. Die rus wat in Heb 4:9 genoem word is die *rus van genade* wat verkry word deur die voorskrif te volg, naamlik (v11) om "*ons te beywer*". Diegene wat onwillig is om die Here getroue, ernstige, liefdevolle diens te gee sal nie geestelike rus in hierdie lewe vind, of in die toekomstige lewe nie. Slegs deur ywerige diens kom vrede en vreugde in die Heilige Gees, geluk op aarde en heerlikheid hierna.

Jesus sê, "*Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee*" (Mat 11:28). Hierdie is dieselfde rus in Heb 3 en 4 (katapausis). Die swerwende volk van God *gaan vandag* deur hierdie genade-rus in, deur geloof in Christus se voltooide werk vir hulle. Dan, soos hulle Sy juk opneem (v29) sal hulle vind pragtige, rustige en behoorlike aktiwiteit, nie ledigheid nie.

**Hierdie punt word in die volgende illustrasie uitgebeeld:**




Alhoewel die Sabbat slegs skrams genoem word in die konteks waarin die beskikbaarheid van verlossings-rus vir die mens beaam word, openbaar die rus van God op die sewende dag van die Skeppingsweek dat die *Sabbat wel 'n simbool en 'n voorbeeld* is van God se *genade-rus*. "Die rus in Eden was die Sabbat rus. Die Sabbat is 'n klein bietjie van Eden wat oorgebly het vir ons totdat Eden weer herstel is; hy wat die Sabbat onderhou soos God dit gegee het om te onderhou, het die rus wat die Here Jesus Christus nou in die hemel het. Maar hoe kan ons dit onderhou? Deur geloof." E. J. Waggoner (Vry vertaal).

Hebreers 4, soos Esegiel 20, maak dit duidelik dat die Sabbat die God-gegewe teken van die rus is van die regverdiges deur geloof. Hierdie hoofstuk vat ons terug na Eden waar Adam sy eerste vol dag van sy lewe deurgebring het, rustende in God se voltooide werk. In sy totale konteks wys hierdie Skrifgedeelte ons dat die Sabbat as ‘n God-gegewe *teken* of *simbool* dien dat ons reeds begin rus het in God se voltooide herskeppingswerk aan die kruis. Daarom, die Sabbat is nie die “*sabbatsrus wat oor is*” van Heb 4:9 nie, maar is die God-gegewe simbool en voorbeeld van daardie einste rus waarin gelowiges kan ingaan op ‘n spesiale manier op die sewende dag van elke week.

Omdat almal nie ingegaan het nie het God weer ‘n dag bepaal. Vers 8 sê as Josua aan hulle rus gegee het sou hy nie van ‘n ander dag daarna spreek nie. Vers 9: Daar bly dus ‘n sabbatsrus oor vir die volk van God. Vers 10: Want wie in Sy rus ingegaan het (dit beteken wie van ons ookal in Sy rus ingegaan het) rus ook self van sy werke soos God van Syne. Ek het byvoorbeeld…en julle byvoorbeeld…het in ons rus ingegaan. Ons rus in Christus. Ons werk nie meer om salig te word nie. Ons rus in die Nuwe Testament. Ons rus in die wedergeboorte. Ons rus in die genade van God. Wie in Sy rus ingegaan het, rus ook self van sy werke soos God van Syne. Wanneer het dit dan gebeur dat ons in die rus ingegaan het? Vers 7: bepaal Hy weer ‘n dag naamlik vandag…vandag as julle Sy stem hoor verhard julle harte nie. Op watter dag moet ‘n sondaar nie sy hart teen God verhard nie? Die antwoord is vandag - Soos genoem in die vorige punt gaan ons in God se (katapausis/shabat) rus binne deur die “rus van genade” (sabbatrus/sabbatismos) stap te neem in geloof en gehoorsaamheid. Ons word genooi om daardie stap vandag te neem en nie dieselfde fout maak as die voorvaders wat nooit ingegaan het (nooit reddenede geloof in die toekomstige Messias gehad nie). Hier in Hebreers 4 herinner die skrywer van Hebreers ons aan God se woorde in Sagaria 20:20: “*En heilig my sabbatte; en hulle sal 'n teken wees*

*tussen My en julle, dat julle kan weet dat Ek die Here julle God is*." (Lees ook: Eksodus 31:16,17; Openbaring 14:6,7; Eksodus 20:8-11)

Ingeval jy gewonder het of hierdie vereiste net vir die *letterlike* volk van Israel bedoel was: "*As julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename*." (Galasiërs 3:29). "*Hulle is Israeliete aan wie die aanneming tot kinders behoort en die heerlikheid en die verbonde en wetgewing en die erediens en die beloftes*." (Romeine 9:4)

Deur aanspraak te maak dat ons onder God se genade is (in God se rus is) is om die sabbatgebod in gees en waarheid te onderhou.

EINDE VAN BETOOG

Daar is baie bronne om die Sabbat waarheid, en meegaande waarhede, verder te ondersoek. Hier is 'n klompie video studies wat ons kan aanbeveel:

1. https://www.eindtydgebeure.com/kyk-strominge
2. https://www.eindtydgebeure.com/kyk-bybel-alleen
3. https://www.eindtydgebeure.com/eden
4. https://www.eindtydgebeure.com/tabernakel
5. https://www.eindtydgebeure.com/profveith

Seënwense en vrede!